

**‘N ONDERSOEK NA DIE BEHOEFTE AAN ‘N
GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-
KLEUTERSKOOL**

**ELZANI KNEPSCHELD
1998**

**‘N ONDERSOEK NA DIE BEHOEFTE AAN ‘N
GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-
KLEUTERSKOOL**

**ELZANI KNEPSCHELD
1998**

Geldelike bystand gelewes deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir hierdie navorsing, word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys toegeskryf word nie.

**‘N MAATSKAPLIKEWERK-ONDERSOEK NA
DIE BEHOEFTE AAN ‘N GEKOMBINEERDE
DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOL**

**Elzani Knepscheld
BA (MW)**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die
graad

M A

in

Maatskaplike Werk

aan

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. H. Strydom

**Potchefstroom
1998**

ABSTRACT

A study of the feasibility to combine a care centre and a nursery school

The research was undertaken in order to research the feasibility of a combined care centre and a nursery school through scientific and social studies to ascertain how practical and feasible this practice would be. The first objective was to study the needs and characteristics of the aged and pre-schoolers. The second objective was to study the needs that the elderly and the pre-schoolers have in common. The third objective was to study the feasibility of implementing a combined care centre and nursery school after having determined the opinions of both the elderly and pre-schoolers, while the last objective was to study the way in which this could be implemented an practice.

This study revealed that many senior citizens see themselves as a burden to society. This negative self-image arises because of a lack of daily activities in which the aged feel needed and because of the community's unwillingness to get involved with the elderly. This study shows that this problem can be resolved by combining a care centre for the elderly and a nursery school. Both senior citizens and toddlers seem in favour of such a solution.

The advantages are that the elderly can ask an extra income, feel useful, participate in the community and have more self-esteem. The toddlers, on the other hand, will profit by the individual attention they will be getting.

The study also reveals that a board consisting of both full-time and part time employees with a social worker as the head could run such an institution. The social worker will guarantee the optimal function in of all the members of this organization. The necessary funding will consist of government grants and financial support.

DANKBETUIGING

Hiermee wil ek graag die volgende bedankings doen:

- Aan prof. H. Strydom: Baie dankie vir die vakkundige leiding, begrip, geduld en geloof in my.
- 'n Besondere woord van dank aan Dot Serfontein vir die taalkundige versorging van die navorsingswerkstuk.
- Aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys: Baie dankie vir die finansiële ondersteuning in die vorm van 'n beurs, wat hierdie studie moontlik gemaak het.
- Charmaine: Baie dankie vir haar bystand in die voltooiing van die vraelyste.
- Aan al my vriende en vriendinne: Baie dankie vir hulle volgehoue ondersteuning en geloof in my.
- Dankie aan Promosa Dienssentrum en Promosa Kleuterskole vir die vraelyste wat daar voltooi kon word.
- Dankie aan al die respondente, vir hulle samewerking en bydraes, waarsonder die ondersoek nie suksesvol afgehandel sou kon word nie.
- Baie dankie aan Bert Janssens vir die vertaling van die opsomming.
- Laastens 'n besondere dank aan my ouers en broer, Harry, Rita en HJ vir hulle liefde, belangstelling en ondersteuning.

**Ek wens vir jou 'n droom en die ywer om
dit te verwesenlik.**

CHARL CONRADIE

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

1. PROBLEEMSTELLING	1
2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP	2
3. DOEL VAN DIE ONDERSOEK	3
3.1 Doelstelling	3
3.2 Doelwitte	3
4. BASIESE HIPOTESE	4
5. VOORONDERSOEK	4
5.1 Literatuurstudie	4
5.2 Raadpleging van deskundiges	4
5.3 Voorlopige verkenningstudie	5
5.4 Intensiewe studie van strategiese eenhede	5
6. BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK	6
7. NAVORSINGSONTWERP	6
8. METODES VAN ONDERSOEK	7
8.1 Literatuurstudie	7
8.2 Opname prosedure	7
8.2.1 Persoonlike onderhoude met deskundiges	7
8.2.2 Persoonlike onderhoude met bejaardes	8
8.2.3 Persoonlike onderhoude met kleuters	8

8.2.4 Meetinstrumente	8
8.2.5 Dataverwerking	9
9. BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK	9
9.1 Literatuur	9
9.2 Onderzoekgroep	9
9.3 Vraelyste	10
10. BEGRIPSOMSKRYWING	10
10.1 Bejaardheid	10
11. Dienssentrum	11
11.1 Kleuter	11
11.2 Kleuterskool	12
11.3 Interaksie	12
12. INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	13
HOOFSTUK 2	
‘N PROFIEL, KENMERKE EN BEHOEFTE VAN BEJAARDES	
1. INLEIDING	15
2. PROFIEL	15
2.1 Huwelikstaat	16
2.2 Geslag	16
2.3 Ouderdom	17
2.4 Bywoning van dienssentrum	18
2.5 Beroepsbeoefening	18
2.5.1 Redes waarom bejaardes nie formele werk verrig nie	18

2.5.2	Redes vir voortgesette beroepsbeoefening deur bejaardes	19
2.5.3	Belangrikste beroepe wat deur bejaardes beoefen is	20
3.	KENMERKE VAN BEJAARDES	21
3.1	Fisiese voorkoms	21
3.2	Heterogeniteit	21
3.3	Selfkonsep	22
3.4	Houding teenoor tradisies	22
3.5	Houding teenoor kinders	23
3.6	Sosialisering	23
3.7	Voortgesette beroepsbeoefening	24
3.8	Voorkeure	24
3.9	Lewensbeskouing	25
3.10	Betrokkenheid	26
3.11	Stresvlakke	27
4.	PERSEPSIES VAN DIE BLANKE BEVOLKING	28
4.1	Bejaardes	28
4.2	Kinders van bejaardes	29
4.3	Gemeenskap	29
5.	GROOTOUERSTYLE	29
5.1	Die surrogaat-ouer	29
5.2	Die “opgegaarde familiewysheid”-styl	30
5.3	Die pretsoekende styl	30

5.4 Die formele styl	30
5.5 Die afstandstyl	30
6. BRONNE VAN INKOMSTE	30
7. BEHOEFTES	31
7.1 Behoefte aan steun	31
7.1.1 Die fisiese self	31
7.1.2 Die intellektuele self	32
7.1.3 Die sosiale self	32
7.1.4 Die emosionele self	32
7.1.5 Die morele self	32
7.2 Behoefte aan finansiële sekuriteit of 'n aanvaarbare ekonomiese status	32
7.3 Behoefte aan onafhanklikheid	33
7.4 Behoefte aan betekenis en erkenning	33
7.5 Behoefte aan 'n positiewe omgewing	33
7.6 Behoefte aan leiding en ondersteuning	33
7.7 Behoefte aan konstruktiewe vryetydsaktiwiteite	34
7.8 Behoefte aan geleenthede om verworwe kennis en kundigheid te benut	34
7.9 Behoefte aan informele ondersteuningsnetwerke	34
7.10 Behoefte aan begrip	34
7.11 Behoefte aan aanvaarding en liefde	34
7.12 Behoefte om te behoort	35
7.13 Behoefte aan geestelike-welstand programme	35

7.14	Behoeftte aan beroespbeoefening	35
7.15	Behoeftte aan selfaktualisering	35
8.	SAMEVATTING	37
HOOFSTUK 3		
'N PROFIEL, INGESTELDHEID EN BEHOEFTE VAN KLEUTERS		
1.	INLEIDING	39
2.	PROFIEL	39
2.1	Ouderdom	40
2.2	Geslag	41
2.3	Bywoning van kleuterskool	42
3.	KENMERKE VAN KLEUTERS	42
3.1	Heterogeniteit	43
3.2	Konsentrasievermoë	43
3.3	Voorkeure	43
3.4	Beskermingsmeganismes	43
3.5	Verbalisering	44
3.6	Fisiese uitdrukkings	44
3.7	Onderskeidingsvermoë	44
4.	INGESTELDHEID TEENoor KLEUTERSKOOl	44
4.1	Aktiwiteite by kleuterskool	45
4.2	Ondersteuning van kleuterskool onderwyser	46
5.	BEHOEFTE	46

5.1 Behoeftte aan liefde gee en ontvang	47
5.2 Behoeftte aan nuwe ervaringe	47
5.3 Behoeftte aan verantwoordelikheid	47
5.4 Behoeftte aan erkenning en om van waarde te wees	47
5.5 Behoeftte aan geborgenheid	47
5.6 Behoeftte aan individualiteit en identiteit	48
5.7 Behoeftte aan begeleiding	48
5.8 Behoeftte aan ondersteuning van die opvoeder	49
5.9 Behoeftte aan aanvaarding	49
4.10 Behoeftte aan dissipline	49
4.11 Behoeftte aan vaardigheid en kreatiwitiet	50
4.12 Behoeftte aan avontuur en prestasie	50
4.13 Behoeftte aan selfaktualisering	50
4.14 Behoeftte aan individuele aandag	50
6. SAMEVATTING	55
HOOFSTUK 4	
INTERAKTIEWE BEHOEFTE VAN BEJAARDES EN KLEUTERS	
1. INLEIDING	56
2. INTERAKTIEWE BEHOEFTE EN KENMERKE	56
2.1 Behoeftte aan finansiële sekuriteit en individuele aandag	57
2.2 Behoeftte aan begeleiding	57
2.2.1 Die fisiese self	57
2.2.2 Die intellektuele self	58

2.2.3 Die sosiale self	58
2.2.4 Die emosionele self	58
2.2.5 Die morele self	58
2.3 Behoefte aan onafhanklikheid	59
2.4 Behoefte aan betekenis en erkenning	59
2.5 Behoefte aan interaksie	60
2.6 Behoefte aan geleenthede	60
2.7 Behoefte aan respek en aanvaarding	60
2.8 Behoefte aan geborgenheid	61
2.9 Behoefte aan steunstelsels	61
2.10 Behoefte aan gesag en dissipline	62
2.11 Behoefte aan 'n positiewe omgewing	62
2.12 Behoefte aan wedersydse kontak	62
2.13 Behoefte aan wedersydse behoeftebevrediging	62
2.14 Behoefte aan vaardigheid en kreatiwiteit	63
2.15 Behoefte aan individualiteit en identiteit	63
2.16 Behoefte aan wedersydse ondersteuning	63
2.17 Behoefte aan leidinggewing en ondersteuning	64
2.18 Behoefte aan intellektuele stimulasie	64
2.19 Behoefte aan voortgesette beroepsbeoefening en individuele aandag	64
2.20 Behoefte aan avontuur en prestasie	65
2.21 Behoefte aan selfaktualisering	65

3. SAMEVATTING	66
----------------	----

HOOFSTUK 5

IMPLEMENTERINGSMOONTLIKHEDE VAN 'N GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOL: BEJAARDES EN KLEUTERS SE STANDPUNTE

1. INLEIDING	67
2. HOUDING VAN BEJAARDES TEENoor KLEUTERS	68
3. HOUDING VAN KLEUTERS TEENoor BEJAARDES	71
4. BEJAARDES SE HOUDING RAKENDE 'N GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOL	76
5. KLEUTERS SE HOUDING RAKENDE 'N GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOL	77
6. ALGEMENE AKTIWITEITE GESAMENTLIK BEOEFEN	80
7. SPESIFIEKE AKTIWITEITE GESAMENTLIK BEOEFEN	81
8. VOORDELE	87
8.1 Voordele vir die kleuter	88
8.2 Voordele vir die ouers van die kleuter	89
8.3 Voordele vir die bejaarde	89
8.4 Algemene voordele	90
8.5 Algemene positiewe opmerkings of aanbevelings	90
8.6 Positiewe waarnemings deur ondersoeker	91
9. NADELE	92
9.1 Nadele vir die kleuter	92
9.2 Nadele vir die ouers van die kleuter	93

9.3 Nadele vir die bejaarde	93
9.4 Algemene negatiewe opmerkings of aanbevelings	93
9.5 Negatiewe waarnemings deur navorser	94
10. SAMEVATTING	94
HOOFSTUK 6	
IMPLEMENTERINGSMOONTLIKHEDE VAN 'N GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOL: PERSONEELSTRUKTUUR, BEFONDSING EN ANDER PRAKTIESE AANGELEENTHEDE	
1. INLEIDING	96
2. ORGANIGRAM VAN 'N VOORGESTELDE GEKOMBEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOL	97
2.1 Maatskaplike werker	98
2.2 Onderwysers	98
2.3 Verpleegkundige	98
2.3.1 Primêre voorkoming	99
2.3.2 Sekondêre voorkoming	99
2.3.3 Tersiere voorkoming	99
2.4 Dieëtkundige	99
2.5 Skakelbeampte	99
2.6 Sakemanne	100
2.7 Ouers van kleuters	100
2.8 Bejaardes	100
2.9 Sekretaresse	100
2.10 Skoonmakers	101

2.11 Kombuispersoneel	101
3. ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER	101
3.1 Primêre intervensie	102
3.2 Sekondêre intervensie	102
3.3 Tersiere intervensie	102
3.4 Rol as deskundige	102
3.4.1 Insigontwikkeling	103
3.4.2 Klarifikasie	103
3.4.3 Interpretering	103
3.4.4 Fokussering	103
3.5 Rol as gids	104
3.6 Rol as ondersteuner	104
3.6.1 Katarsis	104
3.6.2 Aanvaarding	105
3.6.3 Verduideliking	105
3.6.4 Gerusstelling	105
3.7 Rol as instaatsteller	105
3.8 Rol as wetenskaplike	106
3.9 Rol as konfronteerder	106
4. BRONNE VIR BEFONDSING	107
4.1 Borge	107
4.2 Subsidie	107
4.3 Fondsinsamelingsprojekte	107

5. FISIESE OPSET EN MOONTLIKE FUNKSIONERING VAN 'N GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOL	110
---	-----

6. SAMEVATTING	110
----------------	-----

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. INLEIDING	111
--------------	-----

2. SAMEVATTING VAN DIE ONDERSOEK	111
----------------------------------	-----

3. GEVOLGTREKKINGS	113
--------------------	-----

3.1 Evaluering van die doel van die ondersoek	113
---	-----

3.2 Evaluering van die metodes van ondersoek	116
--	-----

3.3 Evaluering van die hipotese van die ondersoek	117
---	-----

4. AANBEVELINGS	118
-----------------	-----

5. SLOTOPMERKING	120
------------------	-----

BIBLIOGRAFIE	121
--------------	-----

BYLAE A	128
---------	-----

BYLAE B	133
---------	-----

BYLAE C	137
---------	-----

BYLAE D	142
---------	-----

LYS VAN FIGURE

Tabel 1: Geslag van bejaardes	16
-------------------------------	----

Tabel 2: Bywoning van dienssentrum	18
------------------------------------	----

Organigram 1: Personeelstruktuur	97
----------------------------------	----

Grafiese voorstelling 1: Huwelikstaat van bejaardes	16
Grafiese voorstelling 2: Ouderdom van bejaardes	17
Grafiese voorstelling 3: Beroepsbeoefening van bejaardes	20
Grafiese voorstelling 4: Selfkonsep van bejaardes	22
Grafiese voorstelling 5: Sosialisering van bejaardes	23
Grafiese voorstelling 6: Voorkeure van bejaardes	24
Grafiese voorstelling 7: Lewensbeskouing van bejaardes	25
Grafiese voorstelling 8: Betrokkenheid van bejaardes	26
Grafiese voorstelling 9: Stresvlakke van bejaardes	27
Grafiese voorstelling 10: Algemene behoeftes van bejaardes	36
Grafiese voorstelling 11: Gespesifiseerde behoeftes van bejaardes	37
Grafiese voorstelling 12: Ouderdom van kleuters	40
Grafiese voorstelling 13: Geslag van kleuters	41
Grafiese voorstelling 14: Bywoning van kleuterskool	42
Grafiese voorstelling 15: Aktiwiteite by kleuterskool	45
Grafiese voorstelling 16: Ondersteuning van kleuterskool onderwyser	46
Grafiese voorstelling 17: Behoefte aan meer gereelde kontak met bejaardes	51
Grafiese voorstelling 18: Behoefte aan bejaardes wat kleuters vergesel na kleuterskool	52
Grafiese voorstelling 19: Behoefte aan hulp van bejaardes by kleuterskool	53
Grafiese voorstelling 20: Behoefte aan ander aktiwiteite by kleuterskool	54
Grafiese voorstelling 21: Kontak met kinders onder ses jaar	68

Grafiese voorstelling 22: Bejaardes se belangstelling in kleuters	68
Grafiese voorstelling 23: Redes waarom bejaardes wel belang stel in kleuters	69
Grafiese voorstelling 24: Redes vir onsekerheid of bejaardes belang stel in kleuters	70
Grafiese voorstelling 25: Kleuters se kontak met bejaardes	71
Grafiese voorstelling 26: Kleuters se belangstelling in bejaardes	72
Grafiese voorstelling 27: Redes waarom kleuters baie van bejaardes hou	72
Grafiese voorstelling 28: Die bederf van kleuters deur bejaardes	73
Grafiese voorstelling 29: Redes waarom kleuters baie bederf word deur bejaardes	74
Grafiese voorstelling 30: Redes waarom kleuters bietjie bederf word deur bejaardes	75
Grafiese voorstelling 31: Bejaardes se houding rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool	76
Grafiese voorstelling 32: Kleuters se houding rakende die teenwoordigheid van bejaardes by die kleuterskool	77
Grafiese voorstelling 33: Redes hoekom kleuters daarvan sal hou, indien hulle vergesel word deur bejaardes na die kleuterskool	78
Grafiese voorstelling 34: Redes hoekom kleuters nie daarvan sal hou, indien hulle deur bejaardes na die kleuterskool vergesel word nie	79
Grafiese voorstelling 35: Algemene aktiwiteite wat volgens bejaardes gesamentlik deur bejaardes en kleuters beoefen kan word	80
Grafiese voorstelling 36: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters beoefen (Musiek maak)	81
Grafiese voorstelling 37: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters beoefen (Op uitstappies gaan)	82
Grafiese voorstelling 38: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters beoefen (Boeke lees)	83

Grafiese voorstelling 39: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters beoefen (Kyk hoe kleuters buite speel)	84
Grafiese voorstelling 40: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters beoefen (Prente maak)	85
Grafiese voorstelling 41: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters beoefen (Houtwerk of naaldwerk doen)	86
Grafiese voorstelling 42: Voordele volgens bejaardes rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool	87
Grafiese voorstelling 43: Bejaardes se positiewe opmerkings of aanbevelings rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool	90
Grafiese voorstelling 44: Nadele volgens bejaardes rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool	92
Grafiese voorstelling 45: Bejaardes se negatiewe opmerkings of aanbevelings rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool	94

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

1. PROBLEEMSTELLING

Wetenskaplikes voorspel 'n dramatiese toename in die aantal bejaardes in die toekoms. Na skatting gaan die ongeveer 350 000 blankes ouer as 65 jaar in Suid-Afrika binne die volgende 29 jaar tot 991 000 aangroei (Theron, 1995:19). Strydom (1993:2), voorspel dat teen die jaar 2030 daar 6 miljoen bejaardes in Suid-Afrika sal wees: 4¼ miljoen swart, een miljoen wit, ½ miljoen kleurling en ¼ miljoen asiër. Sewe uit elke tien bejaardes sal dus swart wees. Volgens Thursz, Nusberg & Prather (1995:5) is die hoofrede vir die voortdurende toename in die bejaarde bevolkingsgroei ontkoppeling van die hoofstroom van die lewe, asook verpligte aftrede.

In die kalklig van welsyn en veroudering, staan huidiglik die ontwikkeling van die kapasiteit van mense om meer selfonderhoudend binne 'n ondersteunende en versorgende omgewing te word. Daar is ook 'n merkbare aksentverskuiwing weg van residensiële- na gemeenskapsorgopsies. Dit sal beteken dat meer ouer mense beter versorg sal kan word en dat slegs die uiters verswaktes in inrigtings sal wees (Van der Linde, 1996:1).

Kleuters as die ander fokuspunt van die navorsing ervaar dikwels maatskaplike probleme, wat deur die onderwysers geïdentifiseer word, waarna welsynsorganisasies ontbied word, maar hulle, vanweë hoë gevalleladings min tot geen daadwerklike pogings in genoemde verband kan aanwend nie (Nel, 1997). Daar bestaan heelwat literatuur rondom die behoeftes van bejaardes en ook kleuters, maar daar is geen bekombare navorsing in Suid-Afrika, om die ooreenkomste tussen die behoeftes en gevolglik die moontlikheid, asook die praktiese implementering van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek nie. Hierdie probleme is geïdentifiseer en daar is besluit om die moontlikheid vir 'n

gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek, as antwoord op genoemde knelpunte.

Die navorsingsvrae wat beantwoord moet word, is die volgende:

- Wat is die behoeftes en kenmerke van bejaardes en kleuters?
- Is daar ooreenkomste tussen die behoeftes en kenmerke van bejaardes en kleuters?
- Wat is die bejaardes en kleuters se houding ten opsigte van die kombinerings van 'n dienssentrum en kleuterskool?
- Is dit prakties haalbaar om 'n kleuterskool en dienssentrum te kombineer?

2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die ondersoeker het aanvanklik 'n persoonlike belangstelling in die moontlikheid vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool ontwikkel vanuit interaksie met bejaardes, verskeie besoeke aan dienssentra, waartydens die leemte rakende die aanwending van die ryke potensiaal van die bejaardes, sowel as die behoefte aan alternatiewe behuisingsopsies opgeval het. Die bejaarde se oorheersende gesprekstemas was die kleinkinders en het die ondersoeker gemotiveer om 'n behoeftebepaling in hierdie verband te doen.

Volgens Knepscheld (1997:21-40) ondervind kleuters 'n behoefte aan meer kontak met, asook ondersteuning van bejaardes in kleuterskole. Een van die belangrikste beroepe wat deur lede van die Potchefstroomse dienssentrum vir bejaardes beoefen is voor aftrede, is onderwys. Volgens Knepscheld (1997:27) beskik sommige lede van die Potchefstroomse dienssentrum vir bejaardes dus oor die potensiaal om lewensondervinding en vaardighede aan klein kinders oor te dra en ook om betrokke te raak by aktiwiteite wat die gemeenskap verlang. Dit het die ondersoeker gemotiveer tot 'n voortgesette

ondersoek na 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Die aanbieding van die navorsingswerkstuk poog dus hier om die behoefte aan meer individuele aandag van die kleuter, sowel as die bejaarde se behoefte aan betrokkenheid in die gemeenskap aan te spreek.

3. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

3.1 DOELSTELLING

Die oorhoofse doelstelling van die ondersoek is om deur middel van doelgerigte en wetenskaplike maatskaplikewerknavorsing, ondersoek in te stel na die behoefte vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool en hoedanig dit prakties uitvoerbaar is.

3.2 DOELWITTE

Ten einde die bogenoemde doelstelling te bereik, sal die aanbieder op die volgende aspekte konsentreer:

- Bepaling van die kenmerke en behoeftes van bejaardes en kleuters, (Hoofstuk 2 en 3).
- Navorsing van die oorvleuelende behoeftes en kenmerke van kleuters en bejaardes, (Hoofstuk 4).
- Ondersoek na die implementeringsmoontlikhede van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, na aanleiding van die bejaardes en kleuters se standpunte, (Hoofstuk 5).
- Ondersoek na die implementeringsmoontlikhede van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, aangaande die personeelstruktuur, befondsing en ander praktiese aangeleenthede, (Hoofstuk 6).

4. BASIESE HIPOTESE

Implementering van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, behoort beide bejaardes en kleuters te bevoordeel.

5. VOORONDERSOEK

Wetenskaplike navorsing in verband met 'n spesifieke probleem kan alleen onderneem word indien die navorser oor 'n deeglike agtergrondkennis daarvan beskik (Strydom, 1994:80). Strydom (1994:81) onderskei vier aspekte ten opsigte van die vooronderzoek, naamlik: die bestudering van literatuur, raadpleging van deskundiges, voorlopige verkenningstudie en intensiewe studie van strategiese eenhede. In hierdie ondersoek is die volgende onderneem:

5.1 LITERATUURSTUDIE

Die doel van die literatuurstudie is om op hoogte te kom met vorige navorsing wat oor die kenmerke, behoeftes en potensiaal van kleuters, en bejaardes gedoen is. Die biblioteekdienste van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Universiteit van Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, en elektroniese inligtingsbronne is geraadpleeg. Die beperktheid van die bronne oor hierdie onderwerp was 'n verdere motivering om met die ondersoek voort te gaan. Voorts is die volgende databasisse gebruik: Biblioteek katalogus, RSAT, Social sciences, Psigologie-databasis, ERIC, Kovsidex, Humanities index, Social sciences citation index, In u Lig, GKPV.

5.2 RAADPLEGING VAN DESKUNDIGES

Ten einde die ondersoek skerp te omlin en waardevolle inligting rakende tegniese en praktiese aspekte van die beplande ondersoek te verkry, is die volgende deskundiges genader: Professor Strydom (PU vir CHO); Me. Nel

(Asjas kleuterskool); Me. Potgieter (Liewe Heksie kleuterskool); Me. Van Heerden (Sonskynhoekie kleuterskool).

5.3 VOORLOPIGE VERKENNINGSTUDIE

'n Voorlopige verkenningstudie is noodsaaklik ten einde 'n beeld van die praktiese situasie waarin voornemende navorsing onderneem word, te verkry (Strydom 1994:85). Die beplanning het die volgende behels:

- Om toestemming by betrokke kleuterskole te verkry om die navorsing te onderneem;
- toestemming van betrokke dienssentra om die navorsing te onderneem;
- administratiewe reëlings rondom die invul van die vraelyste; en
- wysiging van bestaande vraelyste, soos afgelei van reeds voltooide vraelyste.

5.4 INTENSIEWE STUDIE VAN STRATEGIESE EENHEDE

Die intensiewe studie van strategiese eenhede is die blootstelling van 'n paar gevalle aan presies dieselfde prosedure, as wat vir die hoofondersoek beplan word (Strydom, 1994:86). Die intensiewe studie van strategiese eenhede is onderneem deur 25 bejaardes, asook 25 kleuters bloot te stel aan presies dieselfde prosedure as wat beplan is vir die hoofondersoek. Leemtes in die meetinstrument is uitgewys en die nodige wysigings is aangebring alvorens die hoofondersoek onderneem kon word.

6. BEGRENsing VAN DIE ONDERSOEK

'n Nie-waarskynlikheidseleksie steekproef word in die ondersoek benut, asook meer spesifiek 'n doelgerigte steekproef. Hierdie tipe steekproef berus in totaal op die oordeel van die ondersoeker (Strydom, 1994:78). In hierdie geval word vyftig kleuters in die senior-klas van twee verskillende kleuterskole in Promosa, soos uitgekies deur die kleuterskoolonderwyseres betrek, asook vyftig bejaardes van die Promosa dienssentrum wat belang stel om te deel in die ondersoek. Om die mate van betroubaarheid van die kleuter as inligtingsbron te verhoog, het die ondersoeker vrae vanuit die skedule verskillend geformuleer.

7. NAVORSINGSONTWERP

Strydom (1994:37) en York (1997:113) verwys na die navorsingsontwerp as die plan, die struktuur en strategieë nodig om antwoorde op navorsingsvrae te vind. Vir die doel van die ondersoek word hoofsaaklik gebruik gemaak van die verkennende ontwerp.

Die verkennende ontwerp het onder andere die generering van hipoteses ten doel (De Vos *et al*, 1998:57-60). Grinnell & Williams (1990:150) is van mening dat 'n verkennende ontwerp 'n relatief onbekende terrein moet verken deur 'n grondslag van idees en tentatiewe teorieë te lê. Yegidis & Weinbach (1996:9-10) en Neuman (1997:48) is op hul beurt van mening, dat die verkennende ontwerp die navorser in staat stel om te voorspel wat in die toekoms kan gebeur. Daar bestaan heelwat literatuur rondom die behoeftes van bejaardes en ook kleuters, maar daar is nog geen navorsing in Suid-Afrika gedoen, wat die ooreenkomste tussen die behoeftes en gevolglik die moontlikheid, asook die praktiese implementering van 'n kombinasie dienssentrum en kleuterskool ondersoek nie.

8. METODES VAN ONDERSOEK

8.1 LITERATUURSTUDIE

Die doel van die literatuurstudie is om op hoogte te kom met vorige navorsing wat ten opsigte van die kenmerke, behoeftes en ooreenkomstige behoeftes en kenmerke van kleuters en bejaardes onderneem is. Daar is van die biblioteekdienste van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Universiteit van Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, asook elektroniese inligtingsbronne gebruik gemaak. Daar is gebruik gemaak van die volgende databasisse, nl: Biblioteekatalogus, RSAT, Social sciences, Psigologie-databasis, ERIC, Kovsidex, Humanities index, Social sciences citation index, In u Lig, GKPV.

8.2 OPNAME PROSEDURE

Volgens Strydom (1994:125) is veldopnames daardie afdeling van navorsing in die gedragswetenskappe wat deur die seleksie van verteenwoordigende steekproewe die relatiewe voorkoms en verspreiding van sosiologiese en sielkundige veranderlikes by klein en groot populasies ondersoek. Die opname prosedure is dus 'n sistematiese wyse van data insameling wat fokus op menings of antwoorde van gekose respondente. Die sulkes moet verteenwoordigend wees van die belanghebbende of totale populasie om betroubare inligting van die werklikheid te kan verskaf (Grinnell, 1993:262-263 en Royse, 1995:146). Persoonlike onderhoude word met bejaardes en kleuters gevoer, aan die hand van 'n spesifieke skedule van die ondersoeker, om die moontlikheid vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek.

8.2.1 Persoonlike onderhoude met deskundiges

Ten einde die ondersoek skerper te omlin en waardevolle inligting rakende tegniese en praktiese aspekte van die beplande ondersoek te verkry, maak

die ondersoeker gebruik van die ervaring van deskundiges. Die verskillende deskundiges genader, is maatskaplike werkers, kleuterskoolonderwysers, asook hoofde van die onderskeie dienssentra. Persoonlike onderhoude is informeel van aard en geskied dus nie aan die hand van 'n spesifieke skedule nie.

8.2.2 Persoonlike onderhoude met bejaardes

Persoonlike onderhoude word met bejaardes gevoer aan die hand van 'n spesifieke skedule, om sodoende identifiserende besonderhede, persoonlikheidsfaktore, behoeftes van bejaardes, bejaardes se houding teenoor kleuters en ten slotte die moontlikheid vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek.

8.2.3 Persoonlike onderhoude met kleuters

Persoonlike onderhoude met kleuters word egter aan die hand van 'n spesifieke skedule gevoer, om sodoende meer inligting rakende die kleuters se identifiserende besonderhede, persoonlikheidsfaktore, behoeftes, houding teenoor bejaardes en ten slotte die moontlikheid vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek.

8.2.4 Meetinstrumente

Skedules aan beide kleuterskole en dienssentra, asook persoonlike onderhoude en 'n voorondersoek reeds gedurende 1997 as deel van die vereistes vir die BA (MW)-graad gedoen, word gebruik. Sekere aanpassings is aan die oorspronklike meetinstrument aangebring. Die vrae vanuit die skedule word verskillend geformuleer om die mate van betroubaarheid van die kleuter as inligtingsbron te verhoog. 'n Hoë mate van geldigheid word verkry deur die ondersoeker se evaluasie van die meetinstrument om te verseker dat die totale spektrum van die probleem wat ondersoek word gedek word en of alle relevante vrae daarin opgeneem is.

8.2.5 Dataverwerking

Dataverwerking is hoofsaaklik kwalitatief van aard, aangesien die onderzoeker dit self insamel en in die vorm van woorde weergee. Die data is ook in 'n mindere mate kwantitatief van aard, aangesien dit ook in die vorm van syfers weergegee word. Die data word statisties weergegee in tabelvorm en grafiese voorstellings. Dataverwerking word deur die onderzoeker self behartig.

9. BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK

Ter wille van die wetenskaplike aspek van die ondersoek, moet die belangrikste beperkings ten opsigte van die ondersoek uitgelig word.

9.1 LITERATUUR

Geen literatuur wat betrekking het op die ooreenkomstige behoeftes en kenmerke van kleuters en bejaardes, kon gevind word nie. Ten einde die ooreenkoms tussen die behoeftes, potensiaal en kenmerke van die genoemde groepe te bepaal, is literatuur van aanverwante vakterreine gebruik, byvoorbeeld sielkunde en preprimêre onderwys.

9.2 ONDERSOEKGROEP

- As gevolg van die ontwikkelingsvlak van die kleuter, is navorsing bemoeilik. Kommunikasie tussen die onderzoeker en die kleuters was ook problematies. Die vrae wat gedurende die ondersoek aan die kleuters gestel is, was vermoeiend vir die kleuter en is soms nie ten volle begryp nie.
- Onaktiewe lede van die dienssentrum het die waarskynlikheid vir negatiewe resultate verhoog, teenoor optimistiese aktiewe lede se bydraes tot die navorsing.

- Bejaardes was aanvanklik skepties om te deel in die ondersoek, vanweë die wanpersepsie, dat hulle in geval van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool kinders sal moet oppas.

9.3 VRAELYTE

- As gevolg van praktiese redes, is die ondersoeker se taak bemoeilik om vraelyste by die onderskeie kleuterskole te voltooi, aangesien daar vanweë ouderdomsgroepe slegs 'n beperkte groep kleuters by die onderskeie kleuterskole betrek kon word.
- Die navorsing is gedoen by die dienssentrum vir bejaardes in Promosa, waar slegs vyf-en-twintig van die 80 ingeskrewe lede aktief betrokke is. Die navorser moes dus noodgedwonge van huis tot huis vraelyste voltooi, wat 'n tydrowende proses was.

10. BEGRIPSOMSKRYWING

Ter verduideliking word die volgende begrippe omskryf:

10.1 BEJAARDHEID

“Chronologiese bejaardheid is nie 'n goeie verteenwoordiger van die definisie bejaardheid nie, aangesien daar so 'n groot verskeidenheid individuele verskille onder die bejaarde bevolkings bestaan.” (Kermis, 1984:8).

“Bejaardes wat suksesvol voortgaan om die normale probleme en uitdagings van die lewe die hoof te bied deur middel van positiewe en kreatiewe hanteringsmetodes.” (Beaver & Miller, 1992:89,91).

Vir die doeleindes van hierdie studie word met bejaardheid die volgende bedoel:

anderskleurige persone, bo die ouderdom van sestig jaar, wat ingeskrewe lede is van die Promosa dienssentrum vir bejaardes.

10.2 DIENSSENTRUM

Strydom (1993:9) omskryf 'n dienssentrum soos volg:

" 'n Fasiliteit vir bejaardes in die gemeenskap, wat breë gemeenskaps-ondersteuning behoort te geniet. 'n Dienssentrum behoort maklik beskikbaar te wees en behoort regdeur die jaar minstens vyf dae per week en vier uur per dag oop te wees. 'n Dienssentrum behoort aan bejaardes 'n verskeidenheid gemeenskapsdienste te verskaf wat gebaseer is op die werklike behoeftes en belangstellings van bejaardes. Bejaardes behoort intens betrokke te wees by en deel te neem aan die beplanning van dienste wat aangebied word. 'n Dienssentrum behoort 'n geïntegreerde deel van die gemeenskap te vorm."

Vir die doeleindes van hierdie studie word met dienssentrum die volgende bedoel:

die Promosa dienssentrum vir bejaardes, wat 'n verskeidenheid gemeenskapsdienste aan die ingeskrewe lede van die dienssentrum verskaf en gebaseer is op die werklike behoeftes en belangstellings van die bejaardes.

10.3 KLEUTER

Die verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendal **et al.**, 1984:569) omskryf kleuter soos volg: "Kind bo die leeftyd van suigeling en onder die van skoolkind". Die kleuterstadium word in die Psigologie woordeboek (Plug **et al.**, 1987:179) gedefinieer as: "'n Ontwikkelingstadium wat ongeveer van 2-6 jarige ouderdom strek."

Vir die doeleindes van hierdie studie word met kleuter die volgende bedoel:

anderskleurige persone tussen die ouderdomme van vyf en ses jaar, wat verbonde is aan 'n kleuterskool in Promosa.

10.4 KLEUTERSKOOL

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:33) definieer kleuterskool soos volg:

"Amptelik beheerde of geregistreerde skool waar voorskoolse kinders bo drie jaar informeel en al spelende onderwys ontvang."

Vir die doeleindes van hierdie studie word met kleuterskool die volgende bedoel:

'n fasiliteit, waar gefokus word op die opvoëding van die kleuter. Die spesifieke kleuterskole wat betrek is vir die ondersoek is in Promosa te Potchefstroom geleë.

10.5 INTERAKSIE

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:30) definieer interaksie soos volg:

"Dinamiese verhouding tussen individue en /of groepe (2) onderling of tussen hulle en die omgewing, wat tot gevolg het dat hulle mekaar wedersyds beïnvloed."

Vir die doeleindes van hierdie studie word met interaksie die volgende bedoel:

die wisselwerking tussen die behoeftes en kenmerke van die bejaarde, en die kleuter. Die invloed wat beide die bejaarde en kleuter op mekaar uitoefen word as die essensie van hierdie ondersoek beskou.

11. INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingswerkstuk word in sewe hoofstukke aangebied. Die indeling van die navorsingsverslag is soos volg:

Hoofstuk 1 dien as algemene inleiding en bevat die probleemstelling; motivering vir die keuse van die onderwerp; doel van die ondersoek; basiese hipotese; voorondersoek; begrensing van die ondersoek; navorsingsontwerp; metodes van ondersoek; beperkings van die ondersoek en begripsomskrywings.

Hoofstuk 2 fokus op die profiel van die bejaarde; kenmerke en behoeftes; persepsies van die blanke bevolking; grootouerstyle en bronne van inkomstes. In hierdie hoofstuk word literatuur en empiriese bevindings geïntegreer.

In hoofstuk 3 val die fokus spesifiek op die profiel van die kleuter; kenmerke en behoeftes van kleuters, asook die kleuters se ingesteldheid teenoor die kleuterskool. Die literatuur en empiriese bevindings word ook in hierdie hoofstuk geïntegreer.

In Hoofstuk 4 word ondersoek ingestel omtrent die interaktiewe behoeftes en kenmerke van die bejaardes en kleuters. In Hoofstuk 4 word sterk op empiriese bevindings uit die ondersoek gefokus, terwyl toepaslike literatuur hiermee in verband gebring word.

Hoofstuk 5 fokus op die implementeringsmoontlikhede van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, betreffende die bejaardes en kleuters se houding teenoor mekaar; bejaardes en kleuters se houding rakende 'n

gekombineerde dienssentrum-kleuterskool; algemene- en spesifieke aktiwiteite wat gesamentlik beoefen kan word, asook moontlike voor- en nadele van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

Hoofstuk 6 fokus spesifiek op die implementeringsmoontlikhede van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, betreffende die personeelstruktuur en verantwoordelikheid van elke lid van die personeel; die verskillende rolle van die maatskaplike werker, asook bronne van befondsing en die fisiese opset en funksionering van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

Die navorsingswerkstuk word afgesluit met **Hoofstuk 7** wat die samevattende bevindings, gevolgtrekkings en bepaalde aanbevelings van die navorsingswerkstuk bevat.

HOOFSTUK 2

'N PROFIEL, KENMERKE EN BEHOEFTE VAN BEJAARDES

1. INLEIDING

Bejaardes het sekere behoeftes, asook potensiaal om in die gemeenskap betrokke te wil wees. Ouderdom het nie vir alle mense dieselfde betekenis nie, alhoewel die gemeenskap persone bo 60 jaar as bejaard klassifiseer. Dit bring mee dat baie aktiewe bejaardes oor dieselfde kam geskeer word as verswakke en hulpelose bejaardes, bloot omdat daar na chronologiese jare verwys word, en nie na individuele vermoëns nie.


In hoofstuk 1 is 'n basiese inleiding tot die navorsingswerkstuk gegee. Vervolgens word in hierdie hoofstuk kortliks 'n studie gemaak van die profiel van die bejaardes; kenmerke en behoeftes van die bejaardes; persepsies van die blanke bevolking; grootouerstyle en bronne van inkomstes.

2. PROFIEL

Die profiel van die bejaardes word vervolgens saamgestel vanuit die bevindinge na afloop van die ondersoek, asook 'n deeglike literatuurstudie wat onderneem is. Die profiel word onderverdeel in vyf hoofkategorieë, naamlik huwelikstaat van bejaardes; geslag; ouderdom; bywoning van die dienssentrum en beroepsbeoefening van bejaardes.

2.1 HUWELIKSTAAT

Grafiese voorstelling 1: Huwelikstaat van bejaardes



N=50

Volgens grafiese voorstelling 1 is die grootste aantal ses en twintig (52%) van die vyftig bejaarde respondente weduwees. Agtien (36%) van die bejaardes is getroud, terwyl drie (6%) wewenaars is en twee (4%) geskei is. Die kleinste persentasie een (2%) is ongetroud. Uit bogenoemde profiel kan die ondersoeker aflei, dat die meerderheid van die bejaardes in Promosa weduwees is.

2.2 GESLAG

Tabel 1: Geslag van bejaardes


GESLAG	FREKWENSIE	PERSENTASIE
MANLIK	13	26%
VROULIK	37	74%
	N=50	100%

Volgens tabel 1 is sewe en dertig (74%) van die vyftig respondente vroulik, terwyl dertien (26%) van die vyftig bejaarde respondente manlik is.

Uit bogenoemde kan die ondersoeker dus aflei dat die meerderheid bejaardes betrokke by die dienssentrum in Promosa vrouens is.

2.3 OUDERDOM

Grafiese voorstelling 2: Ouderdom van bejaardes



N=50

Volgens grafiese voorstelling 2, is die grootste aantal van die vyftig bejaarde respondente naamlik een en dertig (62%) tussen sestig en nege en sestig jaar oud. Vyftien (30%) van die bejaardes is tussen sewentig en nege en sewentig, terwyl die kleinste persentasie respondente naamlik vier (8%) tagtig jaar en ouer is. Uit bogenoemde kan die ondersoeker aflei, dat die meerderheid van die bejaardes betrokke by die dienssentrum tussen die ouderdomme van sestig en nege en sestig is.

2.4 BYWONING VAN DIENSSENTRUM

Tabel 2: Bywoning van dienssentrum

BYWONING	FREKWENSIE	PERSENTASIE
DAAGLIKS	0	0 %
WEEKLIKS	27	54 %
MAANDELIKS	23	46%
	N=50	100 %

Uit die gegewens in tabel 2, is sewe en twintig (54%) van die vyftig bejaarde respondente daartoe in staat om weekliks die dienssentrum te besoek, terwyl drie en twintig (46%) die dienssentrum maandeliks besoek. Die ondersoeker kan dus aanvaar dat die meerderheid van die bejaardes verbonde aan die dienssentrum in Promosa daartoe in staat is om die dienssentrum weekliks te besoek.

2.5 BEROEPSBEOEFENING

2.5.1 Redes waarom bejaardes nie formele werk verrig nie

Die volgende kan as redes aangevoer word waarom bejaardes nie formele werk verrig nie, soos aangedui deur die volgende outeurs (Aiken, 1995:259-260; Bass, 1995:15,49 en Bond et al., 1994:12).

Eerstens, veroorsaak die ontwikkeling van moderne gesondheidstegnologie 'n styging in die hoeveelheid bejaardes en beïnvloed gevolglik die arbeidsmark en ook die lewensgebeure van die bejaarde soos volg:

- Bejaardes word geforseer om af te tree.
- Bejaardes word van hoë poste en inkomstes ontnem.

- Bejaardes se status word verlaag.

Tweedens, het die moderne ekonomiese-tegnologie 'n invloed op die bejaarde as sulks, aangesien nuwe werksgeleenthede geskep word met nuwe vereistes en transformasie van die meeste van die "ou poste" lei tot afdankings, verlies van inkomste en status by die bejaarde.

Ten slotte kan die negatiewe persepsies aangaande die bejaarde se vermoë om aktief te deel in die arbeidsmark, aangevoer word. Hierdie negatiewe persepsies is onder meer, dat bejaardes vanweë oorversigtigheid stadiger is in vergelyking met jonger werkers; vinniger siek word en beserings in die werksopset opdoen; stadiger nuwe vaardighede aanleer; meer weerstand bied teen verandering; laer fisiese potensiaal het; nie belangstel in tegnologiese ontwikkeling nie; minder kreatief is; en ook dat bejaardes onopleibaar is.

Genoemde aspekte is essensieel vir die doel van hierdie ondersoek, aangesien daar gepoog word om na aanleiding van die verkreeë resultate van die navorsing 'n alternatief vir bejaardes daar te stel om negatiewe persepsies teen te werk, om steeds 'n sinvolle bydrae tot die arbeidsmark te lewer en so 'n ekstra inkomste te verdien.

2.5.2 Redes vir voortgesette beroepsbeoefening deur bejaardes


Die volgende kan as redes aangevoer word vir voortgesette beroepsbeoefening by bejaardes (Aiken, 1995:260 en Parker, 1982:123-130).

Sommige bejaardes het 'n behoefte aan 'n ekstra inkomste en voortgesette beroepsbeoefening en dit kan as die hoofrede vir voortgesette beroepsbeoefening gesien word. Bejaardes beskik oor ondervinding en behaal beter bywoningsyfers as nie-bejaarde werkers, wat as 'n tweede rede vir voortgesette beroepsbeoefening gesien kan word. Ten slotte kan vrywillige bydraes tot opvoedkunde, welsyn, asook gemeenskapsaktiwiteite as 'n tweede of derde beroep van bejaardes gesien word. Genoemde

aspekte is essensieel vir die doel van hierdie ondersoek, aangesien daar gepoog word, om na aanleiding van die verkreeë resultate van die navorsing 'n alternatief vir bejaardes daar te stel, om deur middel van vrywillige bydraes hul ondervinding produktief aan te wend as 'n tweede of derde beroep en so 'n ekstra inkomste te verdien.

2.5.3 Belangrikste beroepe wat deur bejaardes beoefen is

Grafiese voorstelling 3: Beroepbeoefening van bejaardes



N=50

Volgens grafiese voorstelling 3, was die grootste aantal, naamlik agt en twintig (56%) van die vyftig bejaarde respondente huishulpe. Vyf (10%) van die respondente was onderwysers, vier (8%) was bouers, vier (8%) sakemanne, twee (4%) verwers, twee (4%) kokke, een (2%) kassier, terwyl vier (8%) ander beroepe beoefen het. Dit blyk volgens (Nieuwoudt & Hugo, 1988:48) dat die hoogste persentasie persone wat vantevore 'n beroep beoefen het onderwysers was. Maar uit bogenoemde profiel is dit duidelik dat die meerderheid bejaardes in Promosa wat vir die ondersoek betrek is huishulpe was, terwyl die tweede grootste aantal bejaardes onderwysers was.

Dit is dus duidelik dat die vyftig bejaarde respondente wat in hierdie ondersoek betrek is, hoofsaaklik vroulik; weduwees; tussen die ouderdomme van sestig en nege en sestig; die dienssentrum weekliks besoek en huishulpe was.

3. KENMERKE VAN BEJAARDES

Die kenmerke van bejaardes word vervolgens bespreek vanuit die bevindinge waartoe gekom is na afloop van die ondersoek, asook 'n deeglike literatuurstudie wat onderneem is. Die volgende kenmerke rakende bejaardes word deur die volgende outeurs aangedui (Anon, 1998:15; Bass, 1995:2-10; Bond **et al.**, 1994:11,78,237; Cox, 1984:184; De Gaulle, 1987:36; Dror **et al.**, 1998:67; Erikson **et al.**, 1994:294, 310-334; Guthrie, 1989:576; Jerrome, 1983:116; Kohut **et al.**, 1983:14; Louw, 1991:580-585; Nussbaum & Coupland, 1995:210-211; Safford & Krell, 1992:2,8; Taljaard, 1989:54 en Wicht, 1984:370).

3.1 FISIESE VOORKOMS

Bejaardes word gekenmerk aan hulle fisiese voorkoms soos die kenmerkende grys hare, geboë houding en plooië. Fisiese voorkoms is vir sommige bejaardes belangrik, aangesien hulle byvoorbeeld haar-oorplantings ondergaan om jonk te kan lyk.


3.2 HETEROGENITEIT

Bejaardes is 'n heterogene groep, aangesien elke bejaarde oor unieke eienskappe beskik, wat hom onderskei van die res van die bejaardebevolking, en nie homogeen soos algemeen aanvaar word nie.

3.3 SELFKONSEP

Sommige bejaardes sien hulle self as vriendelike mense wat oor gesag beskik vanweë ervaring of ouderdom, maar 'n las vir die samelewing met minder hulpbronne in vergelyking met vorige generasies.

Grafiese voorstelling 4: Selfkonsep van bejaardes



N=50

Volgens grafiese voorstelling 4, ag sewe en dertig (74%) van die vyftig bejaarde respondente hulself as waardevol, vier (8%) nutteloos voel, terwyl ses (12%) onseker is of hulle waardevol of nutteloos voel en vier (8%) minder waardevol voel. Uit bogenoemde kan die ondersoeker aflei, dat hoewel die meerderheid bejaardes waardevol voel, daar wel sommige bejaardes is wat 'n gevoel van nutteloosheid ervaar.

3.4 HOUDING TEENOR TRADISIES

Bejaardes het oor die algemeen respek vir tradisie en heg waarde aan tradisionele norme en waardes.


3.5 HOUDING TEENOOR KINDERS

Bejaardes hou oor die algemeen van kinders en kan genot uit kinders put, asook kennis, kundigheid, vaardighede en lewensondervinding aan klein kinders oordra.

3.6 SOSIALISERING

Die meerderheid bejaardes bly aktief betrokke in die gemeenskap deur ondersteuning, hulpverlening en bystand van ander, wat die optimale fisiese funksionering van die bejaardes bevorder. Bejaardes kan 'n belangrike, produktiewe en onvervangbare rol in families en gemeenskappe vertolk en betrokke raak in werke waaraan die gemeenskap 'n behoefte het, om sodoende onontginde vermoëns, talente en ondervinding aan te wend.

Grafiese voorstelling 5: Sosialisering van bejaardes



N=50

Volgens grafiese voorstelling 5 verkies die grootste aantal van die vyftig bejaarde respondente drie en dertig (66%) om tussen mense te wees, ses (12%) dit verkies om alleen te wees, ses (12%) minder tussen mense wil wees, terwyl drie (6%) onseker is of hulle eerder alleen of tussen mense wil wees en twee (4%) minder alleen wil wees. Uit bogenoemde lei die

ondersoeker af, dat die meerderheid bejaardes wat betrek is vir die ondersoek, daarvan hou om tussen mense te wees.


3.7 VOORTGESETTE BEROEPSBEOEFENING

Die persoonlikheid van elke individuele bejaarde bepaal wanneer bejaardheid intree, ten spyte van die omgewingsfaktore. Daar is dus nie meer rede om swakker werkdoeltreffendheid van 'n ouer werker as jonger werkers te verwag nie, aangesien bejaardes dikwels oor meer praktiese en waardevolle idees beskik as jonger werkers en alternatiewe wyses vir die uitvoer van take daar kan stel en hulself intellektueel kan stimuleer en verbeter. Bejaardes kan oor lewenservaring beskik en meer produktief wees. Tog verrig hulle dikwels geen spesifieke funksie in 'n samelewing nie.

3.8 VORKEURE

Bejaardes verkies dit om tussen mense te wees wat hulle ken in 'n bekende omgewing, aangesien dit 'n gevoel van geborgenheid verseker.

Grafiese voorstelling 6: Voorkeure van bejaardes



N=50


Volgens grafiese voorstelling 6, is dit duidelik dat die meerderheid van die vyftig respondente vyf en dertig (70%) die bekende verkies, sewe (14%)

onseker is of die bekende of onbekende verkies word, terwyl vyf (10%) die onbekende verkies en drie (6%) die minder bekende verkies. Uit bogenoemde kan die onderzoeker aflei, dat 10% van die respondente nie 'n vrees het vir die onbekende nie.

3.9 LEWENSBEKOUING

Bejaardheid word deur sommige bejaardes gesien as wreed, wanneer hulle na hulself en gevolglike agteruitgang kyk, hoewel sommige bejaardes trots is op dit wat hulle tydens hulle leeftyd bemeester het.

Grafiese voorstelling 7: Lewensbeskouing van bejaardes




N=50

Volgens grafiese voorstelling 7 is die grootste aantal van die vyftig respondente nege en twintig (58%) aktief, twaalf (24%) passief, vier (8%) onseker, drie (6%) minder passief, terwyl twee (4%) minder aktief is. Uit die ondersoek is dit dus vir die onderzoeker moontlik om die afleiding te maak dat alhoewel die meerderheid bejaardes in Promosa hulself as aktief beskou, daar wel bejaardes is wat passief is.

3.10 BETROKKENHEID

Bejaardes ondervind dikwels 'n vrees vir afhanklikheid en verwerping deur die gemeenskap, vanweë verlies van 'n eggenoot of ou vriende.


Grafiese voorstelling 8: Betrokkenheid van bejaardes



Volgens grafiese voorstelling 8 is die grootste aantal van die vyftig respondente twee en dertig (64%) betrokke, agt (16%) ervaar eensaamheid, vyf (10%) is onseker, drie (6%) voel minder betrokke, terwyl twee (4%) minder eensaam is. Uit bogenoemde kan die ondersoeker aflei dat daar wel bejaardes in Promosa is wat 'n gevoel van eensaamheid ervaar.

3.11 STRESVLAKKE

Grafiese voorstelling 9: Stresvlakke van bejaardes



N=50

Volgens grafiese voorstelling 9 is die grootste aantal van die vyftig bejaarde respondente wat vir die ondersoek betrek is vier en twintig (48%) ontspanne, twaalf (24%) gespanne, tien (20%) onseker of hulle gespanne of ontspanne is, terwyl drie (6%) meer ontspanne en een (2%) minder gespanne voel. Uit bogenoemde kan die ondersoeker die afleiding maak dat 48% van die respondente vanweë verskeie redes ontspanne is.

Die volgende kenmerke is in die besonder vir hierdie ondersoek van belang, naamlik dat bejaardes dikwels voel, dat hulle 'n las vir die samelewing is met minder hulpbronne in vergelyking met vorige generasies; bejaardes hou oor die algemeen van kinders en kan genot uit kinders put en kennis, kundigheid, vaardighede en lewensondervinding aan klein kinders oordra; bejaardes kan 'n belangrike, produktiewe en onvervangbare rol in families en gemeenskappe vertolk, om sodoende onontginde vermoëns, talente en ondervinding aan te wend; bejaardes verrig dikwels geen spesifieke funksie in 'n samelewing nie en bejaardes ondervind dikwels 'n vrees vir afhanklikheid en verwerping deur die gemeenskap. Die ondersoeker kan vervolgens ook die afleiding maak, dat die vyftig bejaarde respondente wat in hierdie ondersoek betrek is, weekliks die dienssentrum besoek en hulself as waardevol, ontspanne,

betrokke en aktief beskou; die bekende verkies bo die onbekende en eerder tussen mense wil wees as om alleen te wees.

4. PERSEPSIES VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING

Persepsies van die blanke bevolking rakende bejaardes word vanuit drie verskillende oogpunte bekyk, naamlik die bejaardes, kinders van bejaardes en die gemeenskap. "Die gemeenskap is oor die algemeen redelik apaties en soms krities teenoor die ouer persone in ons samelewing. In Suid-Afrika het ons 'n gewoonte daarvan gemaak om alle mense met gestremdhede, dus ook die ouer verswakke persone, in inrigtings weg te sluit en gerieflik van hulle te vergeet. Mense sal moet besef dat bejaardesorg binnekort drasties gaan verander." (Theron, 1995:19). Die volgende persepsies het oor die jare posgevat onder die blanke bevolking van Suid-Afrika, rakende die versorging van bejaarde persone in die land. Hierdie persepsies word veralgemeen na die totale Suid-Afrikaanse bevolking, aangesien geen literatuur rondom die persepsies van ander bevolkingsgroepe gevind kon word nie. Die persepsies word aangedui soos deur (Eckley, 1989:11 en Theron, 1995:18):

4.1 BEJAARDES

Ouer persone beskou dit dikwels as 'n logiese reg om in 'n tuiste opgeneem te mag word wanneer hulle omstandighede dit noodsaak en ook dat hulle oud moet word en onaktief raak, terwyl die staat verantwoordelik gehou word om inrigtingsdiens voort te sit. Dit kan spanning tussen die algemene publiek en owerheidsektore veroorsaak.

4.2 KINDERS VAN BEJAARDES

Kinders sien dikwels nie die noodsaaklikheid daarvan in om vir hulle ouers te sorg as hulle oud en swak geword het nie, aangesien dit volgens hulle die kerk of staat se verantwoordelikheid is.

4.3 GEMEENSAP

Die gemeenskap is oor die algemeen redelik apaties en soms krities teenoor die ouer persone in sy samelewing.

Die volgende persepsies is in die besonder vir hierdie ondersoek van belang, naamlik dat die bejaardes op die staat staatmaak om inrigtingsdiens voort te sit, asook die feit dat bejaardes dit as hulle logiese reg sien om oud en onaktief te raak, terwyl kinders van bejaardes en ook die gemeenskap relatief apaties staan teenoor die versorging van die bejaardes. Volgens die ondersoeker sal professionele persone oor kreatiewe alternatiewe versorging vir die bejaarde moet besin, aangesien hierdie diens finansiële ineenstorting in die gesig staar (Theron, 1995:18).

5. GROOTOUEERSTYLE

Die betekenis van die grootouerrol wissel van persoon tot persoon, aangesien bejaardes uniek is. Vir die doel van hierdie ondersoek word gefokus op verskillende grootouerstyle. Die volgende grootouerstyle word geïdentifiseer deur die volgende outeurs aangedui (Louw, 1991:580 en Smyth, 1992:12).

5.1 DIE SURROGAAT-OUER

In hierdie geval is die bejaarde direk betrokke by die opvoeding en versorging van die kind. As surrogaat-ouer neem die bejaarde, veral die ouma, die moeder se rol in haar afwesigheid oor.

5.2 DIE "OPGEGAARDE FAMILIEWYSHEID"-STYL

Die bejaarde speel volgens hierdie styl 'n belangrike rol as opvoeder van die kind. Die fokus val in hierdie geval op die bejaarde se potensiaal om 'n bydrae tot die kind se akademiese opvoeding te maak, vanweë verworwe kennis en ondervinding.

5.3 DIE PRETSOEKENDE STYL

In hierdie informele interaksiestyl deel die grootouers pret met hul kleinkinders, maar aanvaar nie verantwoordelikheid vir hulle nie.

5.4 DIE FORMELE STYL

Die grootouers stel belang in hulle kleinkinders, koop geskenke of pas selfs die kleinkinders op, maar is nie betrokke by hulle dissiplinering of versorging nie.

5.5 DIE AFSTANDSTYL

Hier is die kontak tussen grootouers en kleinkinders beperk tot spesiale geleenthede soos verjaardae en vakansies.

Die volgende grootouerstyle is in die besonder vir hierdie ondersoek van belang, naamlik die surrogaat-ouer en die "opgegaarde familiewysheid"-styl, aangesien beide op die bejaarde se betrokkenheid teenoor die kleuter dui.

6. BRONNE VAN INKOMSTE

Weinig bejaardes is aktief in die arbeidsmark betrokke en gevolglik kan 'n inkomste deur middel van beroepsbeoefening as minimaal gesien word

(Bland, 1996:48). Die bronne van inkomste in die bejaarde lewensfase is as volg uitgestip deur Jefferys, (1991:116):

Bejaarde persone ontvang inkomste vanuit vier hoof bronne, naamlik: pensioene; beleggings; salarisse en skenkings van familie en vriende.

Vir die doel van hierdie ondersoek is dit vir die navorser belangrik om die onafhanklikheid van die bejaarde te verseker aangesien die finansiële stand van die bejaarde bepalend kan wees vir hul afhanklikheid. Dus is gefokus op die verskillende bronne van inkomste, naamlik: pensioene; beleggings; salarisse en skenkings van familie en vriende.

7. BEHOEFTE

Die volgende kan as behoeftes van bejaardes gesien word, deur die volgende outeurs aangedui (Bass, 1995:10; Bond et al., 1994:346; Brown & Canca, 1995:265; Cox, 1993:1-174; Cox & Parsons, 1994:11; Eckley, 1989:11; Emmett, 1998:57; Erikson et al., 1994:275,308-310,330; Helberg, 1989:41-42; Kohut et al., 1983:105-106; Louw, 1991:557-586; Smit, 1994:9 en Stokes, 1992:114).

7.1 BEHOEFTE AAN STEUN

Die ouer persoon het behoefte aan steun en begeleiding ten opsigte van:

7.1.1 Die fisiese self

Tekens van liggaamlike veroudering soos plooie, grys hare, doofheid, swakker spierkrag en afnemende lewenskrag wat die fisiese selfbeeld van die mens aantast, wat lei tot die behoefte aan oefening.

7.1.2 Die intellektuele self

Behoeftte om aan gesprekke deel te neem en uit hul wye lewenservaring aan te haal.

7.1.3 Die sosiale self

Belangrikheid van verhoudinge met ander mense neem toe tydens bejaardheid. Die behoefte bestaan tog om ook met die eie portuur kontak te hê. Die behoefte aan die eie, soos kleinkinders, word weer groter.

7.1.4 Die emosionele self

Die behoefte aan liefde, meegevoel, respek, teerheid en empatie is sterk aanwesig gedurende die later jare van die lewe.

7.1.5 Die morele self

Verdieping wat kom by die bejaarde ten opsigte van sy waardes en lewensopvatting. Die bejaarde het 'n behoefte aan betekenis vir sy klein kinders, kinders of medemense om so sy Goddelike opdrag uit te voer.

7.2 BEHOEFTE AAN FINANSIËLE SEKURITEIT OF 'N AAN- VAARBARE EKONOMIESE STATUS

Aanvaarbare ekonomiese status, behels onder andere genoegsame inkomstes en is 'n wesenisvoorwaarde vir 'n hoë lewenskwaliteit by die bejaarde. Die bejaarde van ons tyd is baie weerloser teen ekonomiese faktore as tevore. Terwyl daar tans meer bejaardes is wat finansiëel onafhanklik is, is daar ook 'n groter getal wat in armoede verval. Volgens statistiek verskaf deur SANLAM, het net 10% van afgetrede mans voldoende finansiële voorsiening vir die jare na aftrede gemaak. Ongeveer 40% van

afgetrede mans en 50% van afgetrede vroue kan nie sonder die hulp van familie, die kerk of staat oorleef nie.

7.3 BEHOEFTE AAN ONAFHANKLIKHEID

Bejaardes wil so lank moontlik in die gemeenskap betrokke bly, waar hulle gevestig voel. Die gemeenskap bied nuttige, sowel as genotvolle geleenthede wat die bejaarde bedags kan besig hou.

7.4 BEHOEFTE AAN BETEKENIS EN ERKENNING

Dit lyk asof die geleentheid om vir ander mense nog iets te beteken, die bejaarde se gevoel van eiewaarde en onafhanklikheid grootliks versterk.

7.5 BEHOEFTE AAN 'N POSITIEWE OMGEWING

Positiewe omgewing waar daar heelwat geleenthede vir interaksie bestaan wat die bejaarde se gevoel van bevoegdheid bevorder en wat vry van negatiewe vooroordele is.

7.6 BEHOEFTE AAN LEIDING EN ONDERSTEUNING

Daar bestaan 'n groot behoefte aan omvattende inligting en opleidingsprogramme, veral wat betref die emosionele aanvaarding van aftrede, daarstel van 'n nuwe lewensdoel en gewoontes na aftrede, en voorbereiding vir noodsaaklike aanpassings wat deur individue of egpare gemaak moet word.

7.7 BEHOEFTE AAN KONSTRUKTIEWE VRYETYDS-AKTIWITEITE

Bejaardes het 'n behoefte aan aktiwiteite wat hulle konstruktief kan besig hou, aangesien bejaardes maklik kan verval in roetine take.

7.8 BEHOEFTE AAN GELEENTHEDE OM VERWORWE KENNIS EN KUNDIGHEID TE BENUT

Daar word toenemend betoog dat bejaardes die geleentheid gebied moet word om verworwe kennis en kundigheid op 'n voltydse of deelydse basis volgens 'n beroepspatroon geskik vir hulle behoeftes en diè van hulle werkgewer, terug te ploeg en terselfdertyd ekonomies minder afhanklik te wees.

7.9 BEHOEFTE AAN INFORMELE ONDERSTEUNINGS-NETWERKE

Veral in die lewens van ouer persone, word die belangrikheid van 'n informele ondersteuningsnetwerk toenemend beseef. Dit sluit 'n vennootskap tussen die gesin, vriende en gemeenskapstrukture as ondersteuningsnetwerk vir die bejaarde persoon in.

7.10 BEHOEFTE AAN BEGRIP

Bejaardes het 'n behoefte om deur ander mense begryp te word, om die behoefte aan begrip te kan bevredig.

7.11 BEHOEFTE AAN AANVAARDING EN LIEFDE

Bejaardes het 'n behoefte daaraan om nodig te voel en raakgesien te word.

7.12 BEHOEFTE OM TE BEHOORT

Bejaardes voel dikwels vanweë redes byvoorbeeld verpligte aftrede, dat hulle nie 'n plek in die gemeenskap het nie en het gevolglik 'n behoefte daaraan om iewers te behoort of deel te wees.

7.13 BEHOEFTE AAN GEESTELIKE-WELSTAND PROGRAMME

Hierdie programme behels die hantering van interaktiewe werking van geestelike, sosiale en fisiese probleme.

7.14 BEHOEFTE AAN BEROEPSBEOEFENING


Bejaardes het 'n behoefte om vir 'n langer tydperk as vorige generasies aktief betrokke te bly in die beoefening van 'n beroep, aangesien dit die ontstaan of voortbestaan van psigologiese, en sosiale behoeftes teenwerk.

7.15 BEHOEFTE AAN SELFAKTUALISERING

Bejaardes het 'n behoefte aan selfaktualisering, wat impliseer dat die bejaarde sy individuele talente tot die maksimum wil benut.

Die volgende behoeftes is opsommend vir hierdie ondersoek van belang: die behoefte aan finansiële sekuriteit of aanvaarbare ekonomiese status; behoefte aan steun en in besonder ten opsigte van die intellektuele-, sosiale-, emosionele- en morele self; behoefte aan onafhanklikheid; behoefte aan betekenis, erkenning of om van waarde te wees; behoefte aan selfaktualisering; behoefte aan beroepsbeoefening en laastens die behoefte aan konstruktiewe vryetydsaktiwiteite.


Grafiese voorstelling 10: Algemene behoeftes van bejaardes



N=75

Die algemene behoeftes van bejaardes, was 'n oop vraag wat aan die bejaardes gestel is en gevolglik kon enige behoeftes wat deur bejaardes ondervind word, geïdentifiseer word. Volgens grafiese voorstelling 10, is die vyf en sewentig behoeftes geïdentifiseer deur die vyftig respondente, in volgorde van belangrikheid die volgende, naamlik vyf en twintig (33%) verhoogde inkomste, twee en twintig (29%) die behoefte aan versorging, sewentien (24%) betrokkenheid in die gemeenskap, behoefte na erkenning vier (5%), terwyl die behoefte na behuising vier (5%) en die behoefte na vervoer drie (4%) is. Uit bogenoemde kan afgelei word dat die respondente die behoefte na verhoogde inkomste die hoogste ag.

Grafiese voorstelling 11: Gespesifiseerde behoeftes van bejaardes



Op 'n geslote vraag, waar verskillende behoeftes gespesifiseer is deur die ondersoeker, het die respondente as volg gereageer, naamlik die behoefte na kontak met kinders in die algemeen (26%), 'n ekstra inkomste en beroepsbeoefening (26%), verhoogde bydrae in die gemeenskap (18%), terwyl selfstandigheid, sekuriteit en 'n eie identiteit (16%) is en die behoefte aan aanvaarding (14%) is. Uit bogenoemde kan afgelei word dat die respondente die grootste behoefte het aan kontak met kinders, asook 'n ekstra inkomste en beroepsbeoefening.

8. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gefokus op die profiel; kenmerke en behoeftes van bejaardes; persepsies van die blanke bevolking; grootouerstyle en bronnie van inkomstes. Deur middel van 'n literatuurstudie, het die ondersoeker bewus geword van die volgende kenmerke rakende bejaardes, naamlik dat bejaardes voel dat hulle nie 'n funksie verrig nie en gevolglik 'n las vir die samelewing is, terwyl die gemeenskap aan die ander kant redelik apaties en soms krities teenoor die ouer persone in ons samelewing staan. Uit die

ondersoek het dit duidelik geblyk, dat die meerderheid lede van die dienssentrum huishulpe was, waarna onderwys die hoogste punt behaal het. Die hoofrede vir voortgesette beroepsbeoefening blyk uit die ondersoek 'n ekstra inkomste te wees. Die belangrikste behoeftes van bejaardes wat uit die ondersoek na vore gekom het, is die behoefte aan kontak met mense en in die besonder met kinders, asook die behoefte aan 'n ekstra inkomste en beroepsbeoefening. Vir die doel van hierdie ondersoek is veral die potensiaal van die bejaarde om lewensondervinding en vaardighede aan klein kinders oor te dra van waarde. In hoofstuk 3 gaan gekyk word na die profiel van kleuters; kenmerke en behoeftes van kleuters, asook kleuters se ingesteldheid teenoor die kleuterskool.

HOOFSTUK 3

‘N PROFIEL, KENMERKE EN BEHOEFTE VAN KLEUTERS

1. INLEIDING

Kleuters het bepaalde behoeftes en 'n ingesteldheid teenoor die gemeenskap en die verskillende ondersteuningsgroepe. Hier is veral hul ingesteldheid teenoor bejaardes van belang. Behoeftes vorm 'n integrale deel van die menslike lewe. Dit is die innerlike basiese dryfvere wat elke mens se motivering ten nouste raak. Die direkte invloed van behoeftebevrediging by die kind hang ten nouste saam met gebalanseerde funksionering (Porter, 1983:76).

In die vorige hoofstuk is daar besin oor die profiel van bejaardes; kenmerke en behoeftes van bejaardes; persepsies van die blanke bevolking; grootouerstyle en bronne van inkomstes.

Vervolgens sal in hierdie hoofstuk 'n studie gemaak word van die profiel van kleuters; kenmerke en behoeftes van kleuters, asook kleuters se ingesteldheid teenoor die kleuterskool.

2. PROFIEL

Die profiel van die kleuters word vervolgens bespreek vanuit die bevindinge na afloop van die ondersoek, asook 'n deeglike literatuurstudie wat onderneem is. Die profiel word onderverdeel in drie hoofkategorieë, naamlik ouderdom van kleuters, geslag van kleuters en bywoning van die kleuterskool.

2.1 OUDERDOM

Grafiese voorstelling 12: Ouderdom van kleuters




N=50

Volgens grafiese voorstelling 12 kan afgelei word dat sewe en dertig (74%) van die vyftig respondente vyf jaar oud is, terwyl dertien (26%) ses jaar oud is.

Uit bogenoemde kan die ondersoeker aflei, dat die meerderheid kleuters wat by die ondersoek betrek, is vyf jaar oud is.

2.2 GESLAG

Grafiese voorstelling 13: Geslag van kleuters




N=50

Volgens grafiese voorstelling 13 is vyf en twintig (50%) van die vyftig respondente seuns, terwyl vyf en twintig (50%) dogters is. Uit die ondersoek kan dus afgelei word, dat daar ewe veel seuns as dogters betrek is in die ondersoek.

2.3 BYWONING VAN KLEUTERSKOOL

Grafiese voorstelling 14: Bywoning van kleuterskool



Volgens grafiese voorstelling 14 woon die meerderheid vyf en veertig (90%) van die vyftig respondente elke dag die kleuterskool by, terwyl vyf (10%) van die respondente nie elke dag die kleuterskool bywoon nie. Uit bogenoemde profiel, kan aanvaar word, dat die meerderheid kleuters elke dag die kleuterskool bywoon.

Dit is dus duidelik dat die vyftig kleuter respondente wat in hierdie ondersoek betrek is, hoofsaaklik vyf jaar oud; of 'n seun of 'n dogter is, wat die kleuterskool in normale omstandighede elke dag bywoon.

Dit is dus duidelik dat die vyftig kleuter respondente wat in hierdie ondersoek betrek is, hoofsaaklik vyf jaar oud; 'n seun of 'n dogter is, wat die kleuterskool elke dag bywoon.

3. KENMERKE VAN KLEUTERS

Die kenmerke van kleuters word vervolgens bespreek vanuit 'n deeglike literatuurstudie wat onderneem is. Die volgende kenmerke rakende kleuters

word deur die volgende outeurs aangedui (Anon, 1996:1; Petersen, 1995:1; Stutterheim, 1994:4-5; Swanepoel, 1990:1-6, 35-70 en Taljaard, 1996:15-16).

3.1 HETEROGENITEIT

Kleuters is 'n heterogene groep, aangesien elke kleuter oor unieke eienskappe beskik; wat hom onderskei van die res van die kleuterbevolking, hoewel sekere karaktertrekke tog eie is aan die kleuters. Kleuters is aktief, weetgierig en energiek.

3.2 KONSENTRASIEVERMOË

Kleuters beskik oor beperkte konsentrasievermoëns, aangesien hulle nie lank kan stil sit nie en ook dikwels vinnig belangstelling kan verloor in aktiwiteite en gebeure om hulle.

3.3 VOORKEURE

Kleuters verkies dit om tussen mense te wees wat lojaal is, saamwerk en onselfsugtig is, aangesien dit 'n gevoel van ondersteuning verseker.

3.4 BESKERMINGSMEGANISMES

Kinders maak gebruik van beskermingsmeganismes om hulself te beskerm. So kan verkeerde gedrag by kinders as 'n beskermingsmeganismes gesien word.

3.5 VERBALISERING

Tydens die kleutertydperk is die kind se taalvaardighede onderontwikkeld. Die kleuter kan gevolglik probleme ondervind om homself duidelik en verbaal uit te druk.

3.6 FISIESE UITDRUKKINGS

Fisiese uitdrukking is algemeen by die kleuter. Kleuters maak soms van fisiese uitdrukking gebruik byvoorbeeld om te byt, om so hulself uit te druk.

3.7 ONDERSKEIDINGSVERMOË

Fantasieë kom algemeen voor by die kleuter en die kleuter onderskei egter moeilik tussen realiteit en 'n fantasie.


Die volgende kenmerke is in die besonder vir hierdie ondersoek van belang, naamlik dat kleuters se taalvaardighede onderontwikkeld is en die kleuter gevolglik die nodige leiding ten opsigte van sy taalontwikkeling nodig het; kleuters is aktief, weetgierig en energiek en beskik oor beperkte konsentrasievermoëns.

4. INGESTELDHEID TEENOR KLEUTERSKOOLO

Die ingesteldheid van kleuters teenoor die kleuterskool word vervolgens bespreek vanuit die bevindinge na afloop van die ondersoek, asook 'n deeglike literatuurstudie wat onderneem is. Die kleuters se ingesteldheid teenoor die kleuterskool word onderverdeel in twee hoofkategorieë naamlik aktiwiteite by kleuterskool en die ondersteuning van kleuterskool onderwyser.

4.1 AKTIWITEITE BY KLEUTERSKOOL

Grafiese voorstelling 15: Aktiwiteite by kleuterskool




N=50

Volgens grafiese voorstelling 15 is die meerderheid nege en dertig (32%) van die vyftig respondente van mening dat binne en buite speel die aktiwiteit is wat die meeste beoefen word by die kleuterskool, drie en twintig (19%) eet, slaap en bid, een en twintig (17%) prente maak en skryf, vyftien (12%) leer, veertien (11%) lees boeke, elf (8%) musiek maak, terwyl een (1%) die onderwyser help met take. Uit bogenoemde profiel kan die ondersoeker dus aflei, dat die respondente binne en buite speel as die aktiwiteit beskou wat die meeste by die kleuterskool beoefen word.

4.2 ONDERSTEUNING VAN KLEUTERSKOOLOUNDERWYSE

Grafiese voorstelling 16: Ondersteuning van kleuterskool onderwyser



Volgens grafiese voorstelling 16 is die grootste aantal sewe en twintig (54%) van die vyftig respondente van mening dat die kleuterskool onderwyser die nodige ondersteuning bied, rakende aktiwiteite waarmee probleme ondervind word, terwyl drie en twintig (46%) van die vyftig respondente van mening is dat die nodige ondersteuning van die kleuterskool onderwyser nie gebied word in geval van probleme in die uitvoering van take nie. Uit bogenoemde profiel kan die ondersoeker aflei, dat daar wel 'n behoefte aan meer individuele aandag van die kleuterskool onderwyser verlang word deur sekere kleuters wat betrek is by die ondersoek.

5. BEHOEFTE

Behoeftbevrening staan primêr by alle mense. Dit dien as innerlike dryfveer wat elke mens se motivering ten nouste raak. Behoeftbevrening gaan baie nou saam met gebalanseerde funksionering. Die wil om te leef, te leer, te groei, te ontwikkel en eie potensiaal te bereik is afhanklik van die kwaliteit van die verhoudings waarin die kind aan die begin van sy lewe

staan. Vervolgens sal daar op die verskillende behoeftes van die kind gefokus word, soos aangedui deur die volgende outeurs (Drescher, 1991:5-73; Kohut et al., 1983:105; Nel, 1997; Pringle, 1993:117-119; Stutterheim, 1995:30-35; Swanepoel, 1990:1-35,66-70; Taljaard, 1996:15-16).

5.1 DIE BEHOEFTE AAN LIEFDE GEE EN ONTVANG

Die aard van kontak met ander mense beïnvloed gevolglik die kleuter direk en nie noodwendig die kwantiteit kontak nie. Dit dui op die kind se behoefte daaraan om liefgehê te word. Kleuters is uiters sensitief vir emosionele stimuli van mense waarmee hulle in aanraking kom.

5.2 DIE BEHOEFTE AAN NUWE ERVARINGE

Die kind het 'n behoefte aan sensoriese stimulasie vir intellektuele en taalontwikkeling, deur byvoorbeeld geleenthede, uitdagings en stimulerende situasies, aangesien kleuters weetgierig is.

5.3 BEHOEFTE AAN VERANTWOORDELIKHEID

Die kind het 'n behoefte aan verantwoordelikheid. Verantwoordelikheid behels onder andere die uitvoer van take sonder die bystand van enige persone. Take wat uitgevoer kan word deur die kleuter self is om byvoorbeeld self aan te trek.

5.4 DIE BEHOEFTE AAN ERKENNING EN OM VAN WAARDE TE WEES

Die behoefte aan erkenning en om van waarde te wees kan bevredig word, deur die kind te oortuig dat hy of sy oor die vermoë beskik om onafhanklik take uit te voer. Die bevrediging van die behoefte aan erkenning en om van

waarde te wees, sal verseker dat die kind in sy eie vermoëns kan glo en take uitvoer wat nie te maklik of moeilik is nie.

5.5 BEHOEFTE AAN GEBORGENHEID

Kleuters moet voortdurend weet wat presies van hulle verwag word. Kleuters sal in 'n onseker wêreld geborge voel wanneer hulle presies weet wat van hulle verwag word. Denkende ouers moet hulle kinders bewustelik veilig laat voel deur omstandighede wat onsekerheid kan skep, sover moontlik te vermy.

5.6 BEHOEFTE AAN INDIVIDUALITEIT EN IDENTITEIT

Kleuters se selfkennis is beperk, vanweë beperkte insig. Die kleuter se eie-identiteit is dus onder ontwikkel en gevolglik ken die kleuter homself nie. 'n Positiewe selfbeeld kan gevorm word, deur 'n gevoel van waardering en aanvaarding by die kind te vestig.

5.7 BEHOEFTE AAN BEGELEIDING

Hierdie behoefte kan een van die volgende impliseer, naamlik:

- fisieke begeleiding, wat die kleuter in staat stel om die wêreld te leer ken via sy eie liggaam en ook basiese liggaamlike behoeftes te bevredig;
- kleuters se kognitiewe vermoëns om hulself geestelik in iemand anders se skoene te plaas en sodoende hulle empatie met ander mense te ontwikkel;
- kleuters se beperkte insig om verband tussen gebeure en gevoelens te trek te verbreed. Die kind het die behoefte aan toereikende kennende

begeleiding wat hom kan help met die verwerking van sy kognitiewe vermoëns, in terme van die uitbreiding van sy insigtelike betekeniswêreld;

- sosialisering as 'n belangrike proses tydens die kleutertydperk waar kinders kennis maak met sosiale gedrag wanneer hulle speel. Sosiale begeleiding sal die kind help om sosiale vaardighede te bemeester en
- die kind se waardestelsel nie volkome ontwikkel is nie, wat normatiewe begeleiding noodsaak vir die bewusmaking en internalisering van norme en waardes by die kleuter.

5.8 BEHOEFTE AAN ONDERSTEUNING VAN DIE OPVOEDER

Die kleuter het die nodige ondersteuning van die opvoeder nodig in die uitvoer van take. Simptome van wangedrag of afwykende gedrag by 'n kind kan daarom as 'n behoefte om hulp of ondersteuning deur die opvoeder gesien word.

5.9 BEHOEFTE AAN AANVAARDING

Die kind ervaar 'n behoefte aan aanvaarding. Persoonlike groei en selfvertroue by die kind kan gevolglik deur onvoorwaardelike aanvaarding bewerkstellig word.

5.10 BEHOEFTE AAN DISSIPLINE

Konsentrasievermoë van die kleuter is beperk. Daar kan dus gesê word dat die kind nie lank kan stil sit en konsentreer nie. Gevolglik het kinders 'n behoefte aan dissipline en verwag kinders konsekwente optrede van hulle ouers rakende dissipline, wat lei tot wedersydse respek tussen die kind en ouers.

5.11 BEHOEFTE AAN VAARDIGHEID EN KREATIWITEIT

Fantasie kom algemeen by kinders voor, wat die kind se behoefte aan vaardigheid en kreatiwiteit stimuleer. Kinders moet gevolglik die geleentheid gegun word om deur middel van aktiwiteite vrye teuels aan hul idees te kan gee.

5.12 DIE BEHOEFTE AAN AVONTUUR EN PRESTASIE

Kinders is energiek en het daarom 'n behoefte aan avontuur en prestasie. Die nodige blootstelling aan geleenthede vir avontuur en prestasie is dus noodsaaklik om in hierdie behoefte van die kind te voorsien.

5.13 DIE BEHOEFTE AAN SELFAKTUALISERING


Die behoefte aan selfaktualisering by die kind impliseer dat die kind 'n behoefte het om intellektueel, fisies, geestelik en emosioneel tot hul volle reg te kom.

5.14 DIE BEHOEFTE AAN INDIVIDUELE AANDAG

Die kind is hoofsaaklik op die huidige ingestel en vind dit moeilik om te onderskei tussen hulle kort- en langtermynbehoefte. Gereelde kontak met die kind is dus noodsaaklik. Meer individuele aandag by kleuterskole is 'n behoefte by die kleuter.


Die volgende behoeftes is in die besonder vir hierdie ondersoek van belang, naamlik dat kleuters 'n behoefte het aan liefde (gee en ontvang); nuwe ervarings; ondersteuning van die opvoeder; die behoefte aan individuele aandag en laastens die behoefte aan begeleiding.

Grafiese voorstelling 17: Behoeftte aan meer gereelde kontak




Uit bostaande grafiese voorstelling is dit duidelik dat die meerderheid agt en twintig (56%) van die vyftig respondente in meer gereelde kontak met bejaardes belang stel, twintig (40%) beslis in meer gereelde kontak met bejaardes belang stel, terwyl twee (4%) onseker is of meer gereelde kontak met bejaardes verlang word of nie. Geen respondente stel hoegenaamd in minder gereelde kontak met bejaardes belang nie. Uit die ondersoek wat gedoen is, het dit dus duidelik geblyk dat die kleuters 'n behoefte het aan meer gereelde kontak met bejaardes.

Grafiese voorstelling 18: Behoeftte om vergesel te word




Volgens grafiese voorstelling 18 ondervind die grootste aantal een en twintig (42%) van die vyftig respondente 'n besliste behoefte daarna om deur bejaardes na die kleuterskool vergesel te word, negentien (38%) ondervind 'n behoefte daarna om deur bejaardes na die kleuterskool vergesel te word, een (2%) is onseker oor die teenwoordigheid van bejaardes by die kleuterskool, terwyl nege (18%) van die kleuters dit nie sal verwelkom om deur bejaardes na die kleuterskool vergesel te word nie. Uit bogenoemde profiel is dit duidelik dat die grootste aantal kleuters 'n behoefte het om deur bejaardes na die kleuterskool vergesel te word.

Grafiese voorstelling 19: Behoeftte aan hulp van bejaardes



Volgens grafiese voorstelling 19 ondervind die meeste van die vyftig kleuters negentien (38%) 'n besliste behoefte aan bystand van bejaardes by die kleuterskool, negentien (38%) ondervind 'n behoefte aan bystand deur bejaardes by die kleuterskool, een (2%) is onseker of bystand van bejaardes benodig word of nie, terwyl elf (22%) van die vyftig respondente nie 'n behoefte aan bystand van bejaardes by die kleuterskool verlang nie. Uit bogenoemde kan die ondersoeker aflei, dat die meeste kleuters 'n behoefte het aan bystand deur bejaardes by die kleuterskool.

Grafiese voorstelling 20: Behoeftes aan ander aktiwiteite by kleuterskool



N=14

Volgens grafiese voorstelling 20 het veertien respondente op die gestelde vraag gereageer. Aktiwiteite is geïdentifiseer en word gevolglik uiteengesit in volgorde van belangrikheid soos deur die respondente uitgewys, naamlik: 'n behoefte aan binne en buite speel as bykomende aktiwiteit by die kleuterskool is veertien keer geïdentifiseer (56%), televisie kyk is vier keer geïdentifiseer, wat (16%) van die vyf en twintig aktiwiteite beslaan, eet en slaap is twee keer geïdentifiseer (8%), skryf is twee keer gekies (8%), gesels is twee keer geïdentifiseer (8%), terwyl 'n behoefte om nou en dan huis toe te gaan tydens skooltyd een keer geïdentifiseer is (4%) deur die veertien respondente. Uit bogenoemde profiel kan die ondersoeker aflei, dat die meerderheid van die veertien respondente wat in totaal vyf en twintig aktiwiteite geïdentifiseer het, 'n behoefte daaraan het om meer gereeld binne en buite te speel as bykomende aktiwiteit by die kleuterskool. Hierdie aktiwiteit sal onder andere behels dat die kleuters onder leiding van die bejaardes prente maak en ook buite speel, terwyl die bejaardes toesig hou.

6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gefokus op die profiel van kleuters; behoeftes en kenmerke van kleuters, asook kleuters se ingesteldheid teenoor die kleuterskool. Deur middel van 'n literatuurstudie, het die ondersoeker bewus geword van die volgende aspekte rakende die kleuter, naamlik dat kleuters 'n behoefte het aan meer gereelde kontak met grootouers vir optimale sosialisering met die grootouer. Die kleuters is volgens die ondersoek positief ten opsigte van die daaglikse teenwoordigheid van bejaardes by die kleuterskool. Die kleuters het gemeld, dat hulle ondersteuning van die bejaardes in uitvoer van take sal verlang. In hoofstuk 4 gaan gekyk word na die interaktiewe behoeftes en kenmerke van bejaardes en kleuters.

HOOFSTUK 4

INTERAKTIEWE BEHOEFTE EN KENMERKE

VAN BEJAARDES EN KLEUTERS

1. INLEIDING

Die fokus van welsyn op veroudering is om die kapasiteite van mense om meer selfonderhoudend binne 'n ondersteunende en versorgende omgewing te vermeerder, asook die aksentverskuiwing weg van residensiële- na gemeenskapsorgopsies. Dit sal beteken dat meer ouer mense beter versorg sal kan word en dat slegs die uiters verswaktes in inrigtings sal wees (Van der Linde, 1996:1). Kleuters as die ander fokuspunt van die navorsing ervaar dikwels maatskaplike probleme, wat deur die onderwyser geïdentifiseer word. Welsynsorganisasies word daarna ontbied, maar vanweë hoë gevalleladings kan dié min tot geen daadwerklike pogings in genoemde verband aanwend (Nel, 1997). Gevolglik word die moontlikheid, asook die praktiese implementering van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool in hierdie aanbieding ondersoek.

In hoofstuk twee en drie, is daar besin oor die behoeftes en kenmerke van bejaardes en kleuters onderskeidelik. Die ondersoeker sal gevolglik in hoofstuk vier poog om die behoeftes en kenmerke van die bejaardes en kleuters by mekaar te laat aansluiting vind, om so as moontlike antwoord op gestelde vraagstukke te kan dien.

2. INTERAKTIEWE BEHOEFTE EN KENMERKE

Vervolgens word interaktiewe behoeftes en kenmerke van die bejaardes en kleuters ondersoek.

2.1 BEHOEFTE AAN FINANSIËLE SEKURITEIT EN INDIVIDUELE AANDAG

Bejaardes het 'n behoefte aan finansiële sekuriteit of 'n aanvaarbare ekonomiese status, wat onder andere genoegsame inkomstes behels en finansiële onafhanklikheid verseker. Kleuters op hulle beurt het 'n behoefte aan individuele aandag. Die ondersoeker is van mening dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool beide die bejaarde se behoefte aan finansiële sekuriteit en die kleuter se behoefte aan individuele aandag kan bevredig, aangesien die bejaarde vanweë betrokkenheid by 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool 'n ekstra inkomste kan genereer en kleuters die nodige individuele aandag van die bejaardes sal ontvang.

2.2 BEHOEFTE AAN BEGELEIDING

Bejaardes en ook kleuters het beide 'n behoefte aan begeleiding, rakende die volgende aspekte, naamlik:

2.2.1 Die fisiese self

Tekens van liggaamlike veroudering soos plooie, grys hare, doofheid, swakker spierkrag en afnemende lewenskrag, tas die fisiese selfbeeld van die bejaarde aan. Die bejaarde ontwikkel gevolglik die behoefte aan oefening terwyl die kleuter fisieke begeleiding verlang wat hom in staat stel om die wêreld te leer ken via sy eie liggaam. Die bejaarde se behoefte aan begeleiding rakende die fisiese self, sal volgens die ondersoeker aangespreek kan word in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, aangesien die bejaarde aktief sal deel in die aktiwiteite binne en buite die klaskamer. Die kleuters sal fisieke begeleiding in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool deur bejaardes kan ontvang, wat die nodige individuele aandag kan bied om optimale fisieke ontwikkeling te verseker.

2.2.2 Die intellektuele self

Bejaardes het 'n behoefte daaraan om aan gesprekke deel te neem en uit hul wye lewenservaring aan te haal, terwyl die kind 'n behoefte het aan die uitbreiding van sy betekeniswêreld om sy intellektuele behoeftes op hierdie manier te kan bevredig. Die onderzoeker is van mening dat die bejaarde lewenservaring aan kleuters sal kan oordra, om so die kleuter se intellektuele behoeftes te bevredig in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, aangesien die kleuters en bejaardes in direkte kontak met mekaar sal verkeer.

2.2.3 Die sosiale self

Die belangrikheid van verhoudinge met ander mense neem toe tydens bejaardheid, veral die behoefte aan kontak met die eie, soos klein kinders, terwyl die kleuter 'n behoefte het aan sosiale begeleiding wat die kind help om sosiale vaardighede te bemeester. 'n Gekombineerde dienssentrum-kleuterskool bied ryke geleentheid tot sosialisering vir beide die bejaarde en kleuter, wat die behoefte aan begeleiding rakende die sosiale self volgens die onderzoeker sal bevredig.

2.2.4 Die emosionele self

Bejaardes het 'n behoefte aan liefde, meegevoel, respek, teerheid en empatie, wat aansluiting vind by die kleuter se behoefte aan affektiewe begeleiding wat 'n atmosfeer van liefde impliseer. Die onderzoeker is van mening dat die bejaarde en ook die kleuter se behoefte aan toegeneëndheid in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool bevredig sal word, vanweë die interaksie wat tussen die betrokke groepe sal ontstaan.

2.2.5 Die morele self

Verdieping kom by die bejaarde ten opsigte van sy waardes en lewensopvatting, wat dui op die bejaarde se behoefte aan betekenis vir sy

kleinkinders, om so sy goddelike opdrag uit te voer. Die kleuter het op sy beurt 'n behoefte aan normatiewe begeleiding om blootstelling aan bestaande samelewingsnorme en waardes te verseker en dit dan sy eie te maak. Die ondersoeker is egter van mening, dat hierdie genoemde verdieping wat by die bejaarde voorkom aansluiting vind by die kleuter se behoefte aan normatiewe begeleiding in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

2.3 BEHOEFTE AAN ONAFHANKLIKHEID

Bejaardes het 'n behoefte aan onafhanklikheid, wat behels dat bejaardes so lank as moontlik in die gemeenskap betrokke wil bly sonder bystand en ondersteuning. Die kleuter ondervind op sy beurt 'n noodsaaklikheid om vryheid met verantwoordelikheid te hê, aangesien die kleuter take wil uitvoer sonder die bystand van ander. Die bejaarde se onafhanklikheid word verhoog vanweë betrokkenheid in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, aangesien 'n ekstra inkomste gegenereer sal kan word, terwyl die kleuter met die nodige leiding van bejaardes verantwoordelikheid sal kan aanvaar vir sekere take.

2.4 BEHOEFTE AAN BETEKENIS EN ERKENNING

Bejaardes het 'n behoefte aan betekenis en erkenning, wat impliseer dat die bejaarde vir mense iets wil beteken om so sy gevoel van eie waarde en onafhanklikheid grootliks te versterk. Die kleuter het dieselfde behoefte aan betekenis en erkenning, wat fokus op die kind se geloof in sy eie vermoëns in die uitvoer van take. Die ondersoeker is van mening dat beide kleuters en bejaardes se behoefte aan betekenis en erkenning in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool bevredig sal kan word, aangesien beide die nodige ondersteuning sal ontvang om onafhanklik te funksioneer.

2.5 BEHOEFTE AAN INTERAKSIE

Bejaardes het 'n behoefte aan 'n positiewe omgewing, wat dui op geleentheid vir interaksie om 'n gevoel van bevoegdheid by die bejaarde te bevorder. Bejaardes het die behoefte aan bevoegdheid sonder negatiewe vooroordele. Die kind het die behoefte aan dissipline, wat op konsekwente optredes van mense met wie hy of sy in interaksie tree, berus. Die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool bied die geleentheid vir die bejaarde om in interaksie te tree met die kind, wat konsekwente optredes verlang en so die bejaarde bevoeg sal laat voel, sonder negatiewe vooroordele.

2.6 BEHOEFTE AAN GELEENTHEDE

Daar word toenemend betoog dat bejaardes die geleentheid gebied moet word om verworwe kennis en kundigheid, op 'n voltydse of deelydse basis volgens 'n beroepspatroon geskik vir hulle behoeftes en die van hulle werkgewer, terug te ploeg en terselfdertyd ekonomies minder afhanklik te wees. Kleuters begin vrae te vra tydens die taalontwikkelingsproses en het gevolglik die nodige ondersteuning nodig om hulle taal ten volle te ontwikkel. Die ondersoeker is van mening, dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool in beide die bejaarde as kleuter se behoefte sal voorsien. Die bejaarde sal die geleentheid gegun word om die kleuter by te staan en so minder onafhanklik wees vanweë die inkomste wat gegenereer sal word. Die kleuter sal op sy beurt met die nodige ondersteuning van die bejaarde sy taal optimaal kan ontwikkel.

2.7 BEHOEFTE AAN RESPEK EN AANVAARDING

Bejaardes het 'n behoefte aan begrip en wil as sulks behandel word, dit wil sê met respek. Die kleuter het 'n behoefte aan waardering en aanvaarding om so sy behoefte aan individualiteit en identiteit te kan bevredig en gelyktydig 'n positiewe selfbeeld te kweek. Die bejaarde sal in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool respek afdwing by die kleuter, vanweë 'n

gesagsposisie wat beklee sal word. Die kleuter sal die nodige individuele aandag ontvang in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool en gevolglik kan die ondersoeker aflei, dat die kleuter se behoefte aan waardering, aanvaarding en 'n positiewe selfbeeld bevredig, sal kan word.

2.8 BEHOEFTE AAN GEBORGENHEID

Beide bejaardes en kleuters het 'n behoefte om iewers te behoort of liewer 'n behoefte aan geborgenheid. Bejaardes voel dikwels vanweë redes soos verpligte aftrede, dat hulle nie 'n plek in die gemeenskap het nie en het gevolglik 'n behoefte daaraan om iewers te behoort of deel te wees. Kleuters ondervind 'n soortgelyke behoefte, aangesien kleuters veilig wil voel en iewers wil behoort. Die ondersoeker is van mening dat beide die bejaardes en kleuters geborge sal voel vanweë hul betrokkenheid in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, aangesien die kleuter 'n behoefte het aan meer individuele aandag en gevolglik die ondersteuning van bejaardes by die kleuterskool verlang.

2.9 BEHOEFTE AAN STEUNSTELSELS

Kleuters het 'n behoefte aan ondersteuning van die opvoeder, terwyl die bejaardes die belangrikheid van 'n informele ondersteuningsnetwerk toenemend besef. Die informele ondersteuningsnetwerk behels egter die sluit van 'n vennootskap tussen die gesin, vriende en gemeenskapstrukture as ondersteuningsnetwerk vir die bejaarde persoon. Die voortgesette beroepsbeoefening van die bejaarde met behulp van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, sal volgens die ondersoeker die nodige ondersteuningsnetwerk vir die bejaarde verseker. Die kleuter sal ook die individuele ondersteuning deur die bejaarde ontvang.

2.10 BEHOEFTE AAN GESAG EN DISSIPLINE

Kleuters ondervind 'n behoefte aan dissipline. Kinders verwag dus konsekwente optrede van hulle ouers rakende dissipline, wat so wedersydse respek tussen die kind en ouers bewerkstellig. Bejaardes beskik oor gesag vanweë hul ervaring of ouderdom en kan daarom volgens die ondersoeker in die kleuter se behoefte aan dissipline voldoen deur middel van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

2.11 BEHOEFTE AAN 'N POSITIEWE OMGEWING

Kleuters voel geborge in die onsekere wêreld wanneer hulle presies weet wat van hulle verwag word, wat aansluiting vind by die bejaardes wat veilig voel in 'n bekende omgewing tussen mense wat hulle ken. Beide die kleuter en bejaarde het dus 'n behoefte aan 'n positiewe omgewing, waar mense aan mekaar bekend is en presies weet wat van hulle verwag word. 'n Gekombineerde dienssentrum-kleuterskool sal volgens sekere riglyne funksioneer en volgens die ondersoeker op hierdie manier 'n positiewe milieu vir die bejaarde en kleuter skep.

2.12 BEHOEFTE AAN WEDERSYDSE KONTAK

Beide bejaardes en kleuters het 'n behoefte aan meer gereelde kontak met mekaar. 'n Gekombineerde dienssentrum-kleuterskool sal volgens die ondersoeker hierdie behoefte van die bejaarde en kleuter bevredig, aangesien gereelde kontak tussen die kleuter en bejaarde moontlik gemaak word.

2.13 BEHOEFTE AAN WEDERSYDSE BEHOEFTE- BEVREDIGING

Kleuters is aktief, weetgierig en energiek. Kleuters speel graag en vra vrae, sodat hulle meer te wete kan kom. Bejaardes toon belangstelling in kleuters,

verrig geen funksie nie en is trots op dit wat hulle tydens hulle leeftyd bemeester het. Die ondersoeker is van mening dat bejaardes lewenservaring en verlangde inligting aan die kleuters kan oordra in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool en so sal wedersydse behoeftebevrediging moontlik gemaak word.

2.14 BEHOEFTE AAN VAARDIGHEID EN KREATIWITEIT

Beide kinders en bejaardes het 'n behoefte daaraan om vaardig en kreatief te wees. 'n Gekombineerde dienssentrum-kleuterskool sal fokus op konstruktiewe vryetydsaktiwiteite vir beide die bejaarde en die kleuter. Die ondersoeker is dus van mening dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool die behoefte aan vaardigheid en kreatiwiteit van die kleuter en bejaarde sal bevredig.

2.15 BEHOEFTE AAN INDIVIDUALITEIT EN IDENTITEIT

Die behoefte aan individualiteit en identiteit kan geïdentifiseer word by die bejaarde asook by die kleuter. Hierdie wedersydse behoefte kan volgens die ondersoeker deur middel van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool bevredig word, aangesien die bejaardes vanweë hulle deelname in die opvoeding van die kleuter persoonlike groei en verhoogde selfvertroue by die kleuter sal verseker.

2.16 BEHOEFTE AAN WEDERSYDSE ONDERSTEUNING

Kleuters ondervind probleme om hulself duidelik en verbaal uit te druk, terwyl bejaardes oor onontginde vermoëns, talente en ondervinding beskik. Die ondersoeker is van mening dat hierdie wedersydse behoefte aan ondersteuning in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool bevredig sal kan word, aangesien die bejaardes oor die vermoë, talente en ondervinding beskik om die kleuters te ondersteun in die ontwikkeling van hul taal.

2.17 BEHOEFTE AAN LEIDINGGEWING EN ONDERSTEUNING

Bejaardes het die potensiaal om vaardighede en lewensondervinding oor te dra aan kleinkinders, terwyl kinders die behoefte het aan vaardigheid en kreatiwiteit. Die ondersoeker is van mening dat die bejaarde die nodige leiding en ondersteuning aan die kleuter sal kan bied in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool en so die geleentheid tot vaardigheid en kreatiwiteit sal bied.

2.18 BEHOEFTE AAN INTELLEKTUELE STIMULASIE

Bejaardes beskik oor die vermoë om hulself intellektueel te stimuleer. Kleuters het die behoefte aan intellektuele stimulasie om so hulle behoefte aan insig te bevredig. Die ondersoeker is van mening, dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool die kleuter se behoefte aan insig om verbande tussen gebeure te trek sal kan bevredig deur spesifiek gerigte programme en ook aansluiting vind by die bejaardes se vermoë om hulself intellektueel te stimuleer en te verbeter. Die bejaarde kan by die aanbieding van hierdie programme betrokke wees, deur onder andere stories voor te lees en die kleuters te ondersteun in die bou van legkaarte.

2.19 BEHOEFTE AAN VOORTGESETTE BEROEPSBEOEFENING EN INDIVIDUELE AANDAG

Bejaardes het 'n behoefte en beskik oor die potensiaal om vir 'n langer tydperk as vorige generasies aktief betrokke te bly in die beoefening van 'n beroep, aangesien dit die ontstaan of voortbestaan van psigologiese, asook sosiale behoeftes teenwerk. Kleuters ondervind 'n behoefte aan meer individuele aandag in kleuterskole. Die ondersoeker is van mening dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool in beide die behoeftes van bejaardes en kleuters kan voorsien, aangesien die bejaarde individuele aandag aan die kleuter sal bied en sodoende sy eie behoefte om meer produktief te wees, bevredig.

2.20 BEHOEFTE AAN AVONTUUR EN PRESTASIE

Sommige bejaardes beskik oor die vermoë om praktiese en waardevolle idees te produseer, terwyl kleuters die behoefte het aan blootstelling aan geleenthede vir avontuur en prestasie. Hierdie potensiaal van bejaardes en die behoefte van kleuters kan mekaar volgens die navorser wedersyds aanvul in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, aangesien die bejaarde deur middel van 'n positiewe ingesteldheid en kreatiewe denke kan sorg vir avontuur en ook prestasie vir die kleuter.

2.21 BEHOEFTE AAN SELFAKTUALISERING

Beide bejaardes en kleuters het 'n behoefte aan selfaktualisering. Die ondersoeker is van mening, dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool 'n geskikte omgewing kan skep om beide die bejaarde en kleuter se behoefte aan selfaktualisering te bevredig, aangesien die bejaarde se individuele talente aangewend kan word tot voordeel van die kleuter se intellektuele, fisiese, geestelike, asook emosionele leemtes.

Vir die doel van hierdie ondersoek is veral die volgende ooreenkomste tussen die behoeftes en kenmerke van bejaardes en kleuters van belang, naamlik dat bejaardes 'n behoefte het aan finansiële sekuriteit, terwyl kleuters 'n behoefte het aan individuele aandag. Bejaardes kan volgens die ondersoeker 'n ekstra inkomste verdien vanweë betrokkenheid by die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool en die nodige individuele aandag aan die kleuter bied. Die behoefte aan geleenthede, waar bejaardes die geleentheid gebied moet word om verworwe kennis en kundigheid op 'n voltydse of deeltydse basis terug te ploeg, deur insig by kleuters te bewerk. Beide kinders en bejaardes se behoefte daaraan om vaardig en kreatief te wees, kan ook volgens die ondersoeker bevredig word deur middel van konstruktiewe vryetydsaktiwiteite by 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

Bejaardes se positiewe ingesteldheid en kreatiewe denke kan sorg vir avontuur en ook prestasie vir die kleuter in geval van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Beide bejaardes en kleuters se behoefte aan selfaktualisering kan volgens die ondersoeker wedersyds bevredig word in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, aangesien die bejaarde se individuele talente aangewend kan word tot voordeel van die kleuter se intellektuele, fisiese, geestelike, asook emosionele leemtes.

3. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het dit duidelik geblyk dat wedersydse behoeftebevrediging tussen die bejaardes en kleuters deur middel van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool moontlik gemaak sal kan word. Beide die bejaardes en kleuters het eerstens 'n behoefte aan meer gereelde kontak met mekaar, wat volgens die ondersoeker deur middel van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool bevredig sal kan word. Die bejaarde se potensiaal om vaardighede oor te dra aan kinders, kan tot voordeel van beide die bejaardes en kleuters aangewend word in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Dit is volgens die ondersoeker die essensie van hierdie hoofstuk. Die bejaarde kan die kleuter help in die uitvoer van take en so sy eie behoefte aan voortgesette beroepsbeoefening en die kleuter se behoefte aan individuele aandag bevredig. In hoofstuk 5 sal gefokus word op die implementeringsmoontlikhede van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, betreffende die standpunte van bejaardes en kleuters.

HOOFSTUK 5

IMPLEMENTERINGSMOONTLIKHEDE VAN 'N

GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-

KLEUTERSKOOLO: BEJAARDES EN KLEUTERS


SE STANDPUNTE

1. INLEIDING

In hoofstuk vier is daar gepoog om die ooreenkoms tussen die kenmerke en behoeftes van die kleuter en die bejaarde uit te stip. Die moontlikheid van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool word vervolgens bespreek vanuit die bevindinge waartoe gekom is na afloop van die ondersoek, asook 'n deeglike literatuurstudie wat onderneem is. Die hoofstuk word onderverdeel in verskillende hoofkategorieë, naamlik bejaardes se houding teenoor kleuters; kleuters se houding teenoor bejaardes; bejaardes se houding rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool; kleuters se houding rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool; algemene aktiwiteite gesamentlik beoefen; spesifieke aktiwiteite gesamentlik beoefen; voordele van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool en ten slotte die moontlike nadele van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

2. HOUDING VAN BEJAARDES TEENOOR KLEUTERS


Grafiese voorstelling 21: Kontak met kinders onder ses jaar



N=50

Grafiese voorstelling 21 toon dat die meerderheid van die vyftig respondente agt en dertig (76%) gereeld kontak met kinders onder ses jaar maak, sewe (14%) soms, terwyl vyf (10%) selde kontak met kinders onder ses jaar maak. Uit bogenoemde bevindings is dit duidelik dat bejaardes gereeld kontak maak met kinders onder die ouderdom van ses jaar.


Grafiese voorstelling 22: Belangstelling in kleuters



N=50

Volgens grafiese voorstelling 22 stel die grootste aantal vyf en veertig (90%) van die vyftig respondente belang in kleuters, vyf (10%) is onseker oor hulle belangstelling in kleuters, terwyl geen een van die vyftig respondente absoluut nie belang stel in kleuters nie. Uit bogenoemde kan die ondersoeker dus die afleiding maak, dat die meerderheid van die vyftig bejaarde respondente wel belang stel in kleuters.


Grafiese voorstelling 23: Redes waarom wel belang stel



N=45

Grafiese voorstelling 23 toon aan dat die grootste aantal negentien (34%) van die vyf en veertig bejaarde respondente wel belang stel in kleuters, aangesien kleuters bejaardes aktief hou. Verdere redes vir die bejaardes se belangstelling in kleuters is dat kleuters 'n positiewe ingesteldheid het veertien (26%), kleuters liefdevol is dertien (23%), kleuters gesag respekteer vier (7%), kleuters spontaan is drie (6%) en kleuters sin gee aan bejaardes se lewens twee (4%). Uit die ondersoek kan die volgende afleiding deur die ondersoeker gemaak word, naamlik dat die meerderheid bejaardes belang stel in kleuters, aangesien kleuters oor die vermoë beskik om bejaardes aktief te hou.

Grafiese voorstelling 24: Redes vir onsekerheid of bejaardes belang stel in kleuters




N=5

Volgens grafiese voorstelling 24 is die redes waarom die vyf bejaarde respondente onseker is of hulle wel belang stel in kleuters, die feit dat kleuters uitputtend is drie (60%), terwyl twee (40%) van mening is dat kleuters te veel praat. Die ondersoeker kan na aanleiding van die ondersoek dus die afleiding maak, dat die meerderheid van die vyf bejaarde respondente wat onseker is of hulle wel in kleuters belang stel, voel dat kleuters te uitputtend is vir die bejaardes.


3. HOUDING VAN KLEUTERS TEENOOOR BEJAARDES

Grafiese voorstelling 25: Kleuters se kontak met bejaardes



Slegs agt en veertig kleuters het op die gestelde vraag gereageer. Volgens grafiese voorstelling 25 het die meerderheid van die agt en veertig kleuter respondente, naamlik vyf en veertig (94%) baie kontak met bejaardes, drie (6%) het min kontak met bejaardes, terwyl geeneen van die agt en veertig respondente nooit kontak met bejaardes maak nie. Die onderzoeker kan dus aflei volgens die profiel, dat kleuters baie kontak met bejaardes maak.


Grafiese voorstelling 26: Kleuter-belangstelling in bejaardes



N=48

Slegs agt en veertig kleuters het op die gestelde vraag gereageer. Volgens grafiese voorstelling 26 hou al agt en veertig (100%) kleuters baie van bejaardes, terwyl geen kleuter 'n bietjie of geensins van bejaardes hou nie. Die ondersoeker kan dus volgens die profiel aflei, dat al die kleuters wat op die vraag gereageer het, baie van bejaardes hou.


Grafiese voorstelling 27: Redes waarom kleuters baie van bejaardes hou



N=48

Slegs agt en veertig kleuters het op die gestelde vraag gereageer en het elk slegs een rede op die gestelde vraag gegee. Volgens grafiese voorstelling 27, is die grootste rede waarom die agt en veertig kleuters baie van bejaardes hou, omdat bejaardes kleuters versorg een en twintig (43%), bejaardes lief is vir kleuters twaalf (25%), kleuters lief is vir bejaardes sewe (15%), bejaardes kleuters bederf sewe (15%), terwyl een (2%) bejaardes vir kleuters boeke voorlees. Die ondersoeker kan dus volgens die bogenoemde profiel die afleiding maak, dat die meerderheid kleuters van bejaardes hou, aangesien bejaardes kleuters versorg.


Grafiese voorstelling 28: Bederf van kleuters deur bejaardes



N=48

Slegs agt en veertig kleuters het op die gestelde vraag gereageer. Volgens grafiese voorstelling 28 word die grootste aantal veertig (83%) van die agt en veertig kleuter respondente wat op die gestelde vraag gereageer het, baie bederf deur bejaardes, ses (13%) word 'n bietjie bederf deur bejaardes, terwyl twee (4%) glad nie deur bejaardes bederf word nie. Die ondersoeker kan dus die afleiding maak vanuit die bogenoemde profiel, dat kleuters wel deur bejaardes bederf word.


Grafiese voorstelling 29: Redes vir baie bederf



N=40

Volgens grafiese voorstelling 29, is die grootste aantal (34%) van die veertig kleuter respondente van mening dat hulle baie bederf word deur bejaardes, aangesien bejaardes vrygewig is, terwyl (23%) omdat bejaardes lief is vir die kleuter; bejaardes die kleuter versorg (11%) en bejaardes met kleuters speel (2%). Dertig persent van die kleuters kon egter geen rede verskaf waarom hulle nie baie deur bejaardes bederf word nie. Die ondersoeker kan dus die afleiding maak dat bejaardes se vrygewigheid die belangrikste rede is waarom kleuters baie deur bejaardes bederf word.

Grafiese voorstelling 30: Redes vir bietjie bederf




N=6

Volgens grafiese voorstelling 30 is die grootste aantal (43%) van die ses kleuter respondente van mening dat hulle bietjie bederf word deur bejaardes, aangesien bejaardes kleuters versorg. Veertien persent van die ses respondente was egter van mening, dat bejaardes kwaai is en daarom is hulle van mening dat bejaardes hulle slegs 'n bietjie bederf. Drie en veertig persent van die kleuters kon geen rede voorsien waarom kleuters slegs 'n bietjie deur bejaardes bederf word nie. Die ondersoeker kan dus aflei, dat die grootste rede waarom kleuters 'n bietjie deur bejaardes bederf word versorging van kleuters deur bejaardes is. Die twee kleuters wat voel dat hulle geensins deur bejaardes bederf word nie, kon geen spesifieke rede daarvoor identifiseer nie.

4. BEJAARDES SE HOUDING RAKENDE 'N GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOLO


Grafiese voorstelling 31: Bejaardes se houding rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool



Volgens grafiese voorstelling 31 is die grootste aantal veertig (80%) van die vyftig bejaarde respondente wat op die vraag gereageer het van mening dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool 'n goeie idee is, terwyl tien (20%) nie dink dat dit 'n goeie idee is om 'n dienssentrum en kleuterskool te kombineer nie. Die ondersoeker kan volgens bogenoemde profiel aflei, dat die meerderheid van die bejaardes betrokke by die dienssentrum in Promosa, ten gunste is van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.


5. KLEUTERS SE HOUDING RAKENDE 'N GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOLO

Grafiese voorstelling 32: Kleuters se houding rakende die teenwoordigheid van bejaardes by die kleuterskool



Volgens grafiese voorstelling 32 sal die grootste aantal veertig (80%) van die vyftig kleuter respondente deur bejaardes vergesel wil word na die kleuterskool, nege (18%) nie deur bejaardes na die kleuterskool vergesel wil word nie, terwyl een (2%) onseker is of hy deur 'n bejaarde na die kleuterskool vergesel wil word. Die ondersoeker kan volgens bogenoemde profiel aflei, dat die meerderheid kleuters ten gunste is van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.


Grafiese voorstelling 33: Redes hoekom kleuters daarvan sal hou, indien hulle vergesel word deur bejaardes na die kleuterskool



N=40

Volgens grafiese voorstelling 33, sal die grootste aantal van die veertig respondente daarvan hou om deur bejaardes na die kleuterskool vergesel te word, aangesien bejaardes en kleuters saam binne en buite kan speel (35%), bejaardes kleuters kan leer en help met take (14%), bejaardes lief is vir kleuters (12%), bejaardes boeke kan voorlees vir die kleuters (8%), terwyl bejaardes en kleuters saam kan musiek maak (7%). Vier en twintig persent van die kleuters kon geen rede gee waarom hulle wel deur bejaardes na die kleuterskool vergesel wil word nie. Uit bogenoemde kan die onderzoeker dus aflei, dat die meerderheid van die respondente daarvan sal hou om deur bejaardes na die kleuterskool vergesel te word, aangesien bejaardes en kleuters saam binne en buite kan speel. Een van die respondente het die rede, dat bejaardes kwaai is met stout kinders aangevoer waarom hy onseker is of hy deur bejaardes na die kleuterskool vergesel wil word.


Grafiese voorstelling 34: Redes hoekom kleuters nie daarvan sal hou, indien hulle deur bejaardes na die kleuterskool vergesel word nie



Volgens grafiese voorstelling 34 is die hoofrede waarom die nege respondente dit nie verkies om deur bejaardes na die kleuterskool vergesel te word nie, aangesien bejaardes te oud is ses (67%). Een van die respondente (11%) sal dit verkies as kinders alleen is. Twee (22%) van die respondente kon nie 'n rede gee waarom hulle nie deur bejaardes vergesel wil word nie. Die ondersoeker kan dus die afleiding maak dat kleuters nie deur bejaardes vergesel wil word na die kleuterskool nie, aangesien bejaardes te oud is.

6. ALGEMENE AKTIWITEITE GESAMENTLIK BEOEFEN

Grafiese voorstelling 35: Algemene aktiwiteite wat volgens bejaardes gesamentlik deur bejaardes en kleuters beoefen kan word




N=50

Die algemene aktiwiteite wat gesamentlik deur bejaardes en kleuters beoefen kan word, was 'n oop vraag wat aan die bejaardes gestel is en gevolglik kon enige aktiwiteite deur die bejaardes geïdentifiseer word. Volgens grafiese voorstelling 35 is die meerderheid sestig (30%) van die vyftig bejaarde respondente van mening dat bejaardes en kleuters met mekaar in interaksie kan tree, bejaardes en kleuters by mekaar kan leer vyftien (28%), bejaardes en kleuters gesamentlik kreatief kan wees agt (15%), bejaardes stories kan vertel aan die kleuters sewe (12%), samesang vyf (9%), op uitstappies gaan twee (4%), terwyl een (2%) voel dat bejaardes kleuters kan dop kan hou, terwyl hulle speel. Uit bogenoemde profiel kan die ondersoeker aflei, dat bejaardes en kleuters hoofsaaklik in interaksie met mekaar sal kan verkeer indien 'n dienssentrum en kleuterskool gekombineer sou word.

7. SPESIFIEKE AKTIWITEITE GESAMENTLIK BEOEFEN

Grafiese voorstelling 36: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters beoefen (MUSIEK MAAK)




N=90(40 Bejaardes; 50 Kleuters)

Op 'n geslote vraag, waar verskillende aktiwiteite gespesifiseer is deur die ondersoeker, het al vyftig kleuters die vraag beantwoord en slegs veertig bejaardes, aangesien die tien bejaardes wat nie ten gunste van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool is nie, nie die vraag beantwoord het nie. Die respondente het as volg gereageer, naamlik die grootste aantal sewe en dertig (92,5%) van die veertig bejaarde respondente is van mening dat kleuters en bejaardes musiek kan maak, terwyl die grootste aantal vier en veertig (88%) van die vyftig kleuters van mening is dat bejaardes en kleuters musiek saam kan maak. Twee (5%) van die veertig bejaarde respondente is onseker of bejaardes en kleuters saam musiek kan maak, terwyl een (2%) van die vyftig kleuter respondente onseker is of bejaardes en kleuters saam musiek kan maak. Een (2,5%) van die veertig bejaarde respondente is van mening dat bejaardes en kleuters nie saam musiek kan maak nie, terwyl vyf

(10%) van die vyftig kleuter respondente van mening is dat bejaardes en kleuters nie saam musiek kan maak nie.

Die ondersoeker kan dus uit bogenoemde profiel aflei, dat kleuters en bejaardes saam musiek kan maak, indien 'n dienssentrum en kleuterskool gekombineer sou word.

Grafiese voorstelling 37: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters beoefen(OP UITSTAPPIES GAAN)




N=90(40 Bejaardes; 50 Kleuters)

Op 'n geslote vraag, waar verskillende aktiwiteite gespesifiseer is deur die ondersoeker, het al vyftig kleuters die vraag beantwoord en slegs veertig bejaardes, aangesien die tien bejaardes wat nie ten gunste van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool is nie, nie die vraag beantwoord het nie. Volgens grafiese voorstelling 37, is die grootste aantal ses en dertig (90%) van die veertig bejaardes respondente van mening dat kleuters en bejaardes saam op uitstappies kan gaan, terwyl die grootste aantal sewe en veertig (94%) van die vyftig kleuters van mening is, dat bejaardes en kleuters saam op uitstappies kan gaan. Twee (5%) van die veertig bejaarde respondente is van mening dat bejaardes en kleuters nie saam op uitstappies sal kan gaan nie, terwyl drie (6%) van die vyftig kleuter respondente van mening is dat bejaardes en kleuters nie saam op uitstappies kan gaan nie. Twee (5%) van die veertig bejaarde respondente is onseker of bejaardes en

kleuters saam op uitstappies sal kan gaan, terwyl geeneen van die vyftig kleuter respondente onseker is of bejaardes en kleuters saam op uitstappies sal kan gaan nie.

Die ondersoeker kan dus uit bogenoemde profiel aflei, dat kleuters en bejaardes saam op uitstappies sal kan gaan, indien 'n dienssentrum en kleuterskool gekombineer sou word.

Grafiese voorstelling 38: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters (BOEKE LEES)




N=90(40 Bejaardes; 50 Kleuters)

Op 'n geslote vraag, waar verskillende aktiwiteite gespesifiseer is deur die ondersoeker, het al vyftig kleuters die vraag beantwoord en slegs veertig bejaardes, aangesien die tien bejaardes wat nie ten gunste van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool is nie, nie die vraag beantwoord het nie. Volgens grafiese voorstelling 38 is die grootste aantal ses en dertig (90%) van die veertig bejaarde respondente van mening, dat bejaardes en kleuters saam boeke sal kan lees, terwyl die grootste aantal vier en veertig (88%) van die vyftig kleuter respondente van mening is dat bejaardes en kleuters wel saam boeke kan lees. Twee (5%) van die veertig bejaardes is onseker of bejaardes en kleuters gesamentlik boeke sal kan lees, terwyl drie (6%) van die vyftig kleuters onseker is of bejaardes en kleuters saam boeke sal kan lees. Twee (5%) van die veertig bejaardes is van mening dat bejaardes en kleuters nie saam boeke kan lees nie, terwyl drie (6%) van die

vyftig kleuters van mening is, dat bejaardes en kleuters nie saam boeke sal kan lees nie.

Die ondersoeker kan gevolglik uit bogenoemde profiel die afleiding maak, dat bejaardes en kleuters wel saam boeke kan lees, indien 'n dienssentrum en kleuterskool gekombineer sou word..

Grafiese voorstelling 39: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters (KYK HOE KLEUTERS BUIITE SPEEL)




N=90(40 Bejaardes; 50 Kleuters)

Op 'n geslote vraag, waar verskillende aktiwiteite gespesifiseer is deur die ondersoeker, het al vyftig kleuters die vraag beantwoord en slegs veertig bejaardes, aangesien die tien bejaardes wat nie ten gunste van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool is nie, nie die vraag beantwoord het nie. Volgens grafiese voorstelling 39 is die grootste aantal vyf en dertig (87,5%) van die veertig bejaardes van mening, dat bejaardes kan kyk hoe kleuters buite speel, terwyl al vyftig die kleuters van mening is dat bejaardes kan kyk hoe kleuters buite speel. Vier (10%) van die veertig bejaardes is van mening dat bejaardes nie kan kyk hoe kleuters buite speel nie, terwyl een (2,5%) onseker is of bejaardes kan kyk hoe kleuters buite speel.

Uit bogenoemde profiel, kan die ondersoeker dus die afleiding maak dat bejaardes wel sal kan kyk hoe kleuters buite speel, indien 'n dienssentrum en kleuterskool gekombineer sou word.

Grafiese voorstelling 40: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters (PRENTE MAAK)




N=90(40 Bejaardes; 50 Kleuters)

Op 'n geslote vraag, waar verskillende aktiwiteite gespesifiseer is deur die ondersoeker, het al vyftig kleuters die vraag beantwoord en slegs veertig bejaardes, aangesien die tien bejaardes wat nie ten gunste van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool is nie, nie die vraag beantwoord het nie. Volgens grafiese voorstelling 40, is die grootste aantal agt en dertig (87,5%) van die veertig bejaardes van mening dat bejaardes en kleuters saam prente sal kan maak, terwyl die grootste aantal een en veertig (82%) van die vyftig kleuters van mening is, dat bejaardes en kleuters saam prente kan maak. Vier (10%) van die veertig bejaardes is egter onseker of bejaardes en kleuters saam prente sal kan maak, terwyl ses (12%) van die vyftig kleuters onseker is of bejaardes en kleuters saam prente kan maak. Een (2,5%) van die veertig bejaardes is van mening dat bejaardes en kleuters nie saam prente sal kan maak nie, terwyl drie (6%) van die vyftig kleuters van mening is dat bejaardes en kleuters nie saam prente sal kan maak nie.

Die ondersoeker kan dus uit die profiel aflei, dat bejaardes en kleuters **wel** saam prente sal kan maak, indien 'n dienssentrum en kleuterskool gekombineer sou word.

Grafiese voorstelling 41: Spesifieke aktiwiteite deur bejaardes en kleuters (HOUTWERK OF NAALDWERK DOEN)




N=90(40 Bejaardes; 50 Kleuters)

Op 'n geslote vraag, waar verskillende aktiwiteite gespesifiseer is deur die ondersoeker, het al vyftig kleuters die vraag beantwoord en slegs veertig bejaardes, aangesien die tien bejaardes wat nie ten gunste van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool is nie, nie die vraag beantwoord het nie. Volgens grafiese voorstelling 41, is al veertig bejaardes van mening, dat bejaardes en kleuters saam houtwerk of naaldwerk sal kan doen, terwyl die grootste aantal nege en dertig (78%) van die vyftig kleuters van mening is dat bejaardes en kleuters saam houtwerk of naaldwerk sal kan doen, agt (16%) is onseker, terwyl drie (6%) van mening is dat bejaardes en kleuters nie saam houtwerk of naaldwerk sal kan doen nie.

Die ondersoeker kan dus aflei uit bogenoemde profiel, dat bejaardes en kleuters wel saam houtwerk of naaldwerk sal kan doen.

8. VOORDELE

Grafiese voorstelling 42: Voordele volgens bejaardes rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool



Volgens grafiese voorstelling 42 is die belangrikste voordeel van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, volgens die veertig bejaarde respondente ten gunste van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool 'n ekstra inkomste en beroepsbeoefening (28%). Verdere voordele van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool volgens die veertig respondente is die bevordering van interpersoonlike verhoudings (22%), betrokkenheid in die gemeenskap (19%), persoonlike verryking (17%) en (14%) 'n verhoogde selfbeeld en eie waarde. Die ondersoeker kan dus die afleiding maak, dat die belangrikste voordeel wat uit 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool sal voortspruit 'n ekstra inkomste en beroepsbeoefening sal wees.

8.1 VOORDELE VIR DIE KLEUTER

Die kleuter sal eerstens anders as in 'n gewone kleuterskool, vanweë te veel kinders in 'n klas, individuele aandag ontvang van mense vergelykbaar met eie oumas en oupas, wat meer emosioneel betrokke is.

Kleuters sal verder onderrig word deur sommige gespesialiseerde oud-onderwysers en sodoende sal 'n hoër graad van skoolvoorbereiding daargestel word.

Kleuters word blootgestel aan lewenswysheid van die bejaardes wat onvergelykbaar is.

Kleuters word blootgestel aan die verganklikheid van die mens, vanweë hulle betrokkenheid met die bejaardes en ook dat die dood nie gevrees hoef te word nie.

Kleuters word verder blootgestel aan bejaardheid as sulks, wat hulle voorberei op die feit dat alle mense oud word en ook dat bejaardheid nie noodwendig met 'n negatiewe ingesteldheid gepaard hoef te gaan nie.

Kleuters het die voordeel van 'n voltydse verpleegkundige wat by die kombinasie dienssentrum en kleuterskool werksaam is en in geval van noodgevalle tot diens kan wees.

Ander genoemde behoeftes soos uitgestip in hoofstuk 3 kan bevredig word deur die kombinasie dienssentrum en kleuterskool, aangesien die kenmerke en behoeftes van bejaardes en kleuters aansluiting by mekaar vind. Dit word uiteengesit in hoofstuk 4.

8.2 VOORDELE VIR DIE OUERS VAN DIE KLEUTER

Gemoedsrus aan die ouers word verseker, aangesien hoogs gekwalifiseerde verpleegpersoneel voltyds teenwoordig is by die kombinasie dienssentrum en kleuterskool, wat huidiglik nie die geval is by kleuterskole nie, (Nel, 1997).

Die ouers van die kleuter het verdere gemoedsrus in die feit dat die maatskaplike werker opgelei is om moontlike wanfunksionering by die kleuter te identifiseer.

8.3 VOORDELE VIR DIE BEJAARDE

Die bejaarde se produktiewe betrokkenheid by 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool sal die nodige rigting gee aan die bejaarde se lewe en gevolglik 'n optimistiese ingesteldheid by die bejaardes kweek.

Bejaardes kan 'n ekstra inkomste genereer deur middel van hulle betrokkenheid by 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, wat hulle van waarde sal laat voel, aangesien afhanklikheid van kinders of ander instellings grootliks uitgeskakel sal kan word.

Bejaardes word verder blootgestel aan die vrolike leefwêreld van die kleuter wat meer vreugde in hul eie lewens kan bring.

Aanpassings vanweë verpligte aftrede kan grootliks uitgeskakel word, deur middel van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, aangesien die betrokkenheid van die bejaarde as 'n tweede of derde beroep gesien kan word. Probleme gepaardgaande met verpligte aftrede kan veroorsaak, kan deur 'n maatskaplike werker in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool hanteer word.

Ander genoemde behoeftes soos uitgestip in hoofstuk 2 kan bevredig word deur 'n kombinasie dienssentrum-kleuterskool, aangesien die kenmerke en behoeftes van bejaardes en kleuters aansluiting by mekaar vind. (Uiteengesit in hoofstuk 4).


8.4 ALGEMENE VOORDELE

Finansiële druk op die dienssentrum en ook die kleuterskool sal verlig word, indien 'n dienssentrum en kleuterskool op een terrein sal funksioneer, deur verminderde uitgawes.

Bejaardes sal vaardighede en lewenservaring aan die kinders oordra, wat beide sal stimuleer en verseker, dat die bejaarde se waardevolle bydraes behoue bly in die gemeenskap en nie onbenut gelaat word nie.

8.5 ALGEMENE POSITIEWE OPMERKINGS OF AANBEVELINGS

Grafiese voorstelling 43: Bejaardes se positiewe opmerkings of aanbevelings (gecombineerde dienssentrum-kleuterskool)



N=28


Volgens grafiese voorstelling 43 is die grootste aantal, naamlik 10 (36%) van die agt en twintig bejaarde respondente wat verdere positiewe opmerkings gemaak het rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool van mening, dat die teenwerking van eensaamheid verseker sal word deur 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Verdere positiewe opmerkings deur die agt en twintig bejaardes is wedersydse behoeftebevrediging tussen bejaardes en kleuters sewe (25%), kleuters hou bejaardes aktief vier (14%), geld bespaar sal word vier (14%), 'n dienssentrum en kleuterskool so spoedig moontlik geïmplementeer moet word twee (7%), terwyl een (4%) van mening is dat kursusse om moontlike behoeftes van bejaardes en kleuters te bevredig aangebied sal kan word. Die ondersoeker kan uit die bogenoemde profiel die afleiding maak, dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool eensaamheid van die bejaardes sal teenwerk, wedersydse behoeftebevrediging van bejaardes en kleuters sal bewerkstellig, bejaardes aktief sal hou en geldbesparend sal wees vir beide die dienssentrum en kleuterskool.

8.6 POSITIEWE WAARNEMINGS DEUR ONDERSOEKER

'n Positiewe gesindheid van die bejaardes wat by die ondersoek betrek is, het die ondersoeker opgeval. Die bejaardes was weetgierig en wou in detail weet wat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool presies sal behels. Die bejaardes het die vrae wat in die vraelys gestel is korrek beantwoord. 'n Positiewe houding teenoor klein kinders is ook opgeval deur die ondersoeker. Die kleuters het op hulle beurt 'n positiewe ingesteldheid teenoor hulle grootouers geopenbaar.

9. NADELE

Grafiese voorstelling 44: Nadele volgens bejaardes rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool



Volgens grafiese voorstelling 44 is die grootste aantal (28%) van die vyftig respondente van mening dat die traumatiese ervaring vir kleuters in geval van afsterwe van die bejaarde die belangrikste nadeel rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool sal wees. Verdere nadele van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool is veeleisendheid van kleuters (25%), vae rolverwagtings (19%), kommunikasiegaping tussen bejaardes en kleuters (16%), terwyl (12%) van bejaardes bang is vir verandering. Die ondersoeker kan uit bogenoemde die afleiding maak, dat die traumatiese ervaring vir kleuters in geval van afsterwe van die bejaardes as die belangrikste nadeel rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool uitgesonder kan word.

9.1 NADELE VIR DIE KLEUTER

Traumatiese ervaring vir kleuter as 'n bejaarde afsterf.

9.2 NADELE VIR DIE OUERS VAN DIE KLEUTER


Bejaardes kan deur middel van hulle betrokkenheid met die kind 'n invloed uitoefen op die ouers se opvoeding.

9.3 NADELE VIR DIE BEJAARDE

Bejaardes kan hulself verplig laat voel tot volgehoue betrokkenheid by die kombinasie dienssentrum en kleuterskool, ten spyte van fisies- of geestelike vermoëns, vanweë finansiële gewin wat verbonde is of te veel gehegtheid aan die kinders.

9.4 ALGEMENE NEGATIEWE OPMERKINGS OF AANBEVELINGS

Grafiese voorstelling 45: Bejaardes se negatiewe opmerkings of aanbevelings (gekombineerde dienssentrum-kleuterskool)



Volgens grafiese voorstelling 45 is die grootste aantal van die agt bejaarde respondente wat verdere negatiewe opmerkings rakende 'n gekombineerde

dienssentrum-kleuterskool gemaak het, van mening dat kleuters te uitputtend is vyf (62%), bejaardes nie kinderoppassers wil wees nie twee (25%), terwyl een (13%) van mening is dat bejaardes alleen moet wees. Die ondersoeker kan dus uit bogenoemde profiel die afleiding maak, dat hierdie bejaardes voel dat kleuters te uitputtend is.

9.5 NEGATIEWE WAARNEMINGS DEUR NAVORSER

Die kleuters het vanweë 'n taalgebrek nie al die gestelde vrae korrek begryp nie. Die kleuters het egter ook vanweë 'n kort konsentrasiespan vinnig belangstelling verloor. Sommige van die bejaardes het 'n gehoorgebrek en het daarom gesukkel om te deel in die ondersoek, wat frustrasie by die bejaardes veroorsaak het.

10. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gefokus op die implementeringsmoontlikheid van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, rakende die bejaardes en kleuters se houdings teenoor mekaar; bejaardes en kleuters se houdings rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool; algemene- en spesifieke aktiwiteite wat gesamentlik deur bejaardes en kleuters beoefen kan word, asook moontlike voor- en nadele van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Dit het duidelik geblyk, dat daar wel 'n moontlikheid bestaan vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, aangesien beide die bejaarde en kleuter positief op hierdie voorstel gereageer het. Die beperkte wedersydse betrokkenheid van bejaardes en kleuters is ook weerspieël in die ondersoek, asook die wedersydse belangstelling wat hierdie genoemde groepe in mekaar toon. Gesamentlike aktiwiteite wat deur die bejaardes en kleuters onderneem kan word is volgens die ondersoek veral musiek maak; op uitstappies gaan; boeke lees;

bejaardes kyk hoe kinders buite speel; prente maak en houtwerk of naaldwerk.

Die enkele nadele soos uitputting vir bejaardes; vrees vir verandering by die bejaardes; trauma vir die kleuter in geval van afsterwe van die bejaardes; vae rolverwagtings, asook 'n kommunikasiegaping tussen die bejaardes en kleuters, word totaal oorskadu deur die voordele wat die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool vir beide groepe inhou. Die grootste voordele blyk 'n ekstra inkomste en beroepsbeoefening; bevordering van interpersoonlike verhoudings; betrokkenheid in die gemeenskap; persoonlike verryking en 'n verhoogde selfbeeld en eie waarde vir die en individuele aandag; blootstelling aan bejaardheid en verpleegkundige hulp by die kleuterskool vir die kleuters te wees. In hoofstuk 6 sal gefokus word op die personeelstruktuur en ook die verantwoordelikheid van elke lid van die personeel; die verskillende rolle van die maatskaplike werker, asook bronne van befondsing en die fisiese opset en funksionering van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

HOOFSTUK 6

IMPLEMENTERINGSMOONTLIKHEDE VAN 'N GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM- KLEUTERSKOOLO: PERSONEELSTRUKTUUR, BEFONDSING EN ANDER PRAKTIESE AANGELEENTHEDE

1. INLEIDING

In hoofstuk vyf is daar gepoog om die implementeringsmoontlikheid van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te skets, na aanleiding van die bejaardes en kleuters se houdings teenoor mekaar; bejaardes en kleuters se houdings rakende 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool; algemene- en spesifieke aktiwiteite wat gesamentlik beoefen kan word, asook moontlike voor- en nadele van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Gevolglik, sal die implementerings-moontlikheid van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool verder ondersoek word, vanuit 'n deeglike literatuurstudie wat onderneem is. Die fokus sal val op die personeelstruktuur en ook die verantwoordelikheid van elke lid van die personeel; die verskillende rolle van die maatskaplike werker, asook die bronne van befondsing en die fisiese opset en funksionering van die kombinasie dienssentrum-kleuterskool.

2. ORGANIGRAM VAN 'N VOORGESTELDE GEKOM-BINEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOL

Organigram 1: Personeelstruktuur



Volgens organigram 1 is dit duidelik dat 'n beheerraad in beheer van die organisasie kan wees. Die voltydse en ook deeltydse personeel sal verteenwoordig word in die beheerraad, wat soos 'n multi-professionele span sal funksioneer. Op die beheerraad behoort myns insiens die maatskaplike werker as hoof; 'n onderwyser; 'n verpleegkundige; 'n dieetkundige; 'n

skakelbeampte; 'n sakeman; twee ouers van kleuters en twee bejaardes te dien, om optimale funksionering van die organisasie te verseker en om riglyne, asook taakooreenkomste met elkeen van die betrokke lede te sluit. Vervolgens sal elke lid se rol en taak rakende die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool weergegee word.

2.1 MAATSKAPLIKE WERKER

Die aard van bejaardes se behoeftes en probleme, sal die maatskaplike werker noodsaak om nie geïsoleerd van ander professionele persone dienste te lewer nie Marshall, (1990:101-102). Die maatskaplike werker sal as hoof van die beheerraad fokus op die voorkoming, identifisering en hantering van maatskaplike probleme van bejaardes, kleuters en ook ander personeellede verbonde aan die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Die rol van die maatskaplike werker word in die volgende afdeling in detail behandel.

2.2 ONDERWYSERS

Die onderwysers sal eerstens op die beheerraad verteenwoordig word, om die nodige insette rakende die kinders se opvoeding aan die beheerraad te kan voorhou. Die onderwysers sal verder verantwoordelik wees vir die opvoeding van die kleuter. Die onderwysers sal ook verantwoordelik wees vir die deleger van take aan die bejaardes, asook toesighouding om te verseker dat bejaardes in belang van die kinders optree.

2.3 VERPLEEGKUNDIGE

Die verpleegkundige sal verantwoordelik wees vir die lewering van insette in belang van die bejaardes en kleuters se gesondheid, op die beheerraad. Die verpleegkundige sal as primêre voorkomingsagent vir siektes optree. Voorkoming kan drie verskillende vorme aanneem, soos aangedui deur Ziv, (1988:4):

2.3.1 Primêre voorkoming

Primêre voorkoming behels die verbetering van die gesondheid van die pasiënt, asook die voorsiening van spesifieke beskerming teen siektes.

2.3.2 Sekondêre voorkoming

Sekondêre voorkoming behels vroeë diagnose en onmiddellike behandeling van siektes, asook die beperking van die moontlikheid vir afhanklikheid by die pasiënt.

2.3.3 Tersiere voorkoming

Tersiere voorkoming op sy beurt fokus op die rehabilitasie van pasiënte.

2.4 DIEËTKUNDIGE

Die dieëtkundige sal op die beheerraad die verskillende spyskaarte en ander aspekte in belang van die bejaardes en kleuters se gesondheid voorhou. Eetgewoontes en dieët fokus op die verlenging van die mens se lewe deur middel van goeie gesondheid Walker & Walker, (1993:21,24). Die verantwoordelikheid vir die opstel van gebalanseerde spyskaarte vir beide die bejaardes en kleuters sal dus by die dieëtkundige lê.

2.5 SKAKELBEAMPTE

Die skakelbeampte sal verantwoordelik wees vir die nodige skakeling van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool met die gemeenskap en ook sektore in die gemeenskap, om eerstens die gemeenskap bewus te maak van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool en sodoende as bemerking te dien. Die skakelbeampte sal ook verantwoordelik wees vir die kry van borge, deur middel van skakeling met sektore in die gemeenskap. Die skakelbeampte sal terugvoer op die beheerraad gee, aangaande die

befondsing en die gemeenskap se ingesteldheid teenoor die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

2.6 SAKEMANNE

Die sakemanne se take sal eerstens die verteenwoordiging op die beheerraad behels, waar insette rakende die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool gelewer moet word. Die sakemanne sal verder verantwoordelik wees vir die kry van borge, asook die lewer van finansiële insette rakende die befondsing en aanwending van fondse in belang van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

2.7 OUERS VAN KLEUTERS

Die ouers van kleuters sal deur twee lede op die beheerraad verteenwoordig word, wat op hulle beurt insette rakende die funksionering van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool sal lewer, sodat optimale funksionering van die kleuters bewerkstellig kan word.

2.8 BEJAARDES

Die bejaardes sal verantwoordelik wees vir die ondersteuning van die kleuters, om individuele aandag van die kleuters te bewerkstellig. Die bejaardes sal egter op die beheerraad verteenwoordig word deur twee lede, om die behoeftes van die bejaardes rakende die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool bekend te maak.

2.9 SEKRETARESSE

Die sekretaresse sal verantwoordelik wees vir die administrasie van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Dit sal onder meer die

beantwoording van die telefoon, tik van briewe, maak van afsprake en die neem van notules vir die beheerraad behels.

2.10 SKOONMAKERS

Die skoonmakers sal primêr verantwoordelik wees vir die instandhouding van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

2.11 KOMBUISPERSONEEL

Die kombuispersoneel sal verantwoordelik wees vir die voorbereiding van voedsel. Die kombuispersoneel sal ook verantwoordelik wees vir die higiëne in die kombuis.

3. ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Volgens Bland, (1996:48) & Stephens, (1994:42) bestaan die maatskaplike werkers se gevalleladings al meer en meer uit die bejaarde kliënte van die gemeenskap wat 'n wye spektrum van maatskaplike behoeftes ondervind. Die slegs twee persent van bejaardes wat formeel in die arbeidsmark staan, word egter toegeskryf aan die feit dat werk net nie beskikbaar is nie en ook verpligte aftrede ten spyte van die feit dat sekere bejaardes steeds bereid is om 'n bydrae tot die ekonomie te maak. Bland, (1996:48) & Stephens, (1994:42) is egter ook van mening, dat hierdie leemte aan geleenthede vir die bejaarde die maatskaplike werker se verantwoordelikheid om die gemeenskap betrokke te maak in die versorging en ondersteuning van die bejaardes versterk. Die belangrikheid van die professionele bystand van die maatskaplike werker is hierdeur dus duidelik en gevolglik sal die drie kategorieë waarin intervensierolle verdeel behandel word, naamlik primêre, sekondêre en tersiêre intervensie rolle, soos aangedui deur Beaver & Miller, (1992:86-87).

3.1 PRIMÊRE INTERVENSIË

Primêre intervensie fokus op voorkoming van behoeftes en/of probleme deur middel van die identifisering van leemtes, asook begrip vir die oorsake van wanfunksionering by die kliënt.

3.2 SEKONDÊRE INTERVENSIË

Sekondêre intervensie fokus op die behandeling van behoeftes en/of probleme na identifisering, om verdere probleme en/of probleme wat vervolgens kan ontstaan te verhoed.

3.3 TERSIÊRE INTERVENSIË

Tersiêre intervensie op sy beurt fokus op die voorkoming van verdere verspreiding van behoeftes en/of probleme wat teenwoordig is by die kliënt.

Vir die doel van hierdie ondersoek kan primêre intervensie as die mees toepaslike intervensievorm gesien word, aangesien daar deur middel van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool gepoog sal word om bejaardes vir so lank as moontlik in die gemeenskap te hou Beaver & Miller, (1992:86-87). Die vyf verskillende intervensie rolle wat deur die maatskaplike werker vervul word, word vervolgens áangedui Compton & Gallaway, (1994:429-236). Sommige rolle is meer belangrik as ander vir die doel van hierdie ondersoek, maar ter wille van volledigheid word al die rolle genoem en die rolle wat spesifiek belangrik is, word volledig bespreek. Die belangrikste rolle vir die doel van hierdie ondersoek is die maatskaplike werker se rol as deskundige; rol as gids; rol as ondersteuner en rol as instaatsteller.

3.4 ROL AS DESKUNDIGE

As deskundige gebruik die maatskaplike werker 'n wye spektrum van kennis, ervaring en kennis van ander professies wat met eie kennis geïntegreer word tot beskikking van die kliënt Van der Merwe, (1989:17). As deskundige maak

die maatskaplike werker ook gebruik van die volgende tegnieke, soos aangedui deur Van Rooyen en Combrink, (1990:161-167), naamlik:

3.4.1 Insigontwikkeling

Insigontwikkeling is 'n proses waardeur die werker die kliënt stap vir stap tot selfbegrip lei om sy probleem sodoende te verstaan.

3.4.2 Klarifikasie

Klarifikasie is 'n proses waardeur die kliënt tot die herstrukturering van die feite aangaande sy probleem gehelp word sodat hy homself binne sy situasie kan begryp.

3.4.3 Interpretering

Die maatskaplike werker vorm 'n opinie, deur die verband tussen feite in te sien en uit sy eie verwysingsraamwerk verklarings daarvoor te vind.

3.4.4 Fokusering

Die kliënt het gewoonlik 'n groot aantal probleme en die onderlinge verband daarvan oorweldig sommige kliënte. Die maatskaplike werker selekteer dus die probleemsituasie wat die grootste spanning veroorsaak, die grootste mate van verbetering kan bewerkstellig of die maklikste bereikbaar is.

Die maatskaplike werker sal in die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool 'n wye spektrum van kennis, ervaring en kennis van ander professies, byvoorbeeld die opvoedkundiges met eie kennis integreer, tot voordeel van die kliënt. Die maatskaplike werker sal onder andere insig by die bejaardes ontwikkel ten opsigte van bejaardheid as sulks en ook die waarde van sinvolle vryetydsaktiwiteite. Insig sal egter ook by die kleuter bewerk word, rakende die invloed van sy houding of optrede teenoor bejaardes.

Die maatskaplike werker sal ook deur middel van klarifikasie verseker dat die bejaarde begrip ontwikkel vir die situasie naamlik bejaardheid waarin hy homself bevind, om so die beste daaruit kan put.

3.5 ROL AS GIDS

As gids poog die maatskaplike werker om die kliënt met hulpbronne wat hulle benodig in verbinding te bring. Om die rol as gids te vervul word die volgende omgewingsgerigte tegnieke soos omgewingsverandering en beïnvloeding, asook konkrete hulpverlening deur die maatskaplike werker toegepas. In 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, sal die maatskaplike werker poog om die bejaarde in verbinding te bring met hulpbronne in die gemeenskap, deur bewusmaking van die gemeenskap, asook finansiële bydraes vir die bejaarde se betrokkenheid te voorsien. Die kleuter sal egter ook voordeel trek uit die maatskaplike werker se rol as gids, deur individuele aandag wat verseker word deur die bejaardes se teenwoordigheid in die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

3.6 ROL AS ONDERSTEUNER

Ondersteuning word deur die maatskaplike werker gebied aan hulpbehoewende kliënte. Ondersteuningstegnieke soos katarsis, aanvaarding, verduideliking en gerusstelling is van belang.

3.6.1 Katarsis

Die kliënt kry die geleentheid om van oormatige emosionele spanning en angs te ontlaa en sodoende tot selfbegrip en insig te kom.

3.6.2 Aanvaarding

Die kliënt kan gehelp word om gegewens aangaande homself mee te deel, deur middel van 'n aanvoeling dat die werker hom aanvaar, verstaan en respekteer.

3.6.3 Verduideliking

Verduideliking is die verskaffing van inligting oor of die omskrywing van 'n saak, op so 'n wyse dat duidelikheid daaroor verkry word met die doel om gevoelens van ongemak te verminder wat as gevolg van verwarring, onsekerheid en vrees by die kliënt ontstaan.

3.6.4 Gerusstelling

Gerusstelling is 'n handeling wat gerusstellend is deurdat dit spanning verminder, vertroue wek en ook verwagtings vir toekomstige belonings uitbou. Dit is egter volgens, Strydom (1989:22) belangrik dat die maatskaplike werker die bejaardes moet gerus stel en bemoedig om sodoende hulle waardigheid en sin van individualiteit te behou.

Die maatskaplike werker sal in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool die rol as ondersteuner benut, deur die nodige ondersteuning aan beide die bejaarde en kleuter te verleen. Optimale maatskaplike funksionering van beide die bejaarde en kleuter sal sodoende verseker probeer word. Die maatskaplike werker sal ondersteuningsgroepe stig, waartydens die bejaardes en kleuters deur middel van groepbesprekings gelei sal word tot behoeftebevrediging of probleemoplossing.

3.7 ROL AS INSTAATSTELLER

Die maatskaplike werker se kennis, sy ervaring en skakelgeleenthede in die gemeenskap met ander professies en dienste dra daartoe by dat die

maatskaplike werker ook geleenthede en geriewe tot sy beskikking het om aan die kliënt te bied. Wilsgerigte tegnieke soos motivering, beïnvloeding en oorreding is van belang.

Die maatskaplike werker sal in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool deur middel van die instaatstellende rol daartoe bydrae, dat die kleuters sowel as die bejaardes gemotiveerd is om hulle potensiaal optimaal te benut. Die maatskaplike werker sal poog om beide die bejaarde en kleuter in staat te stel om hulle selfesteem te verhoog.

3.8 ROL AS WETENSKAPLIKE

As wetenskaplike gebruik die maatskaplike werker kennis en vaardighede wat deur middel van opleiding opgedoen is nie net in voorkoming en behandeling van die kliënt en in besonder die bejaarde nie, maar ook vir navorsing. Die maatskaplike werker sal in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool fokus op die verkreeë resultate, voortspruitend uit die navorsing om sodoende in belang van beide die bejaarde en kleuter op te tree.

3.9 ROL AS KONFRONTEERDER

Die maatskaplike werker is ook in diens van die gemeenskap en het 'n verantwoordelikheid wat deur die gemeenskap aan hom toegeken is om te kontroleer of die kliënt op dienste aan hom gelewer reageer, aangesien elke kliënt 'n antwoordwese is. Die maatskaplike werker sal in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool deeglike evaluasie doen van die bejaarde en ook kleuter se ingesteldheid teenoor die dienste wat gelewer word. Die maatskaplike werker sal die rol as konfronteerder vertolk, indien die bejaarde of kleuter nie in belang van hulself of die gemeenskap optree nie.

4. BRONNE VIR BEFONDSING

Die volgende bronne sal moontlik vir die befondsing van die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool aangewend kan word, naamlik:

4.1 BORGE

Borge van groot maatskappye en buitelandse instansies, soos Sasol, Eskom, US Aid, Kagiso Trust en Danchurch.

4.2 SUBSIDIE

Daar kan aansoek gedoen word vir 'n subsidie, maar as alternatief kan 'n reeds bestaande dienssentrum omskep word in 'n kombinasie dienssentrum en kleuterskool teen minimale koste. Verder kan bejaardes markgerigte tariewe hef op dienste wat aan kleuters gelewer word, in lyn met standaard kleuterskool tariewe. Dit kan egter met verloop van tyd 'n permanente bron van inkomste vir die bejaarde verseker. Indien dienste dus tot volle potensiaal aangewend of uitgebrei word, behoort addisionele befondsing nie nodig te wees nie en sal daar 'n wins beskikbaar wees wat aangewend kan word vir die instandhouding van die kombinasie dienssentrum en kleuterskool.

4.3 FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

Fondsinsamelingsprojekte sal geloods word deur 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, soos wat dit huidiglik deur beide die kleuterskool en dienssentrum onderskeidelik geloods word. Hierdie projekte kan onder meer die verkoop van gebak deur die bejaardes, naaldwerk en houtwerk artikels, asook 'n kalender met prente van kleuters, 'n pannekoekdag en die uitloting van produkte wat as skenkings vanuit die gemeenskap ontvang is, behels.

5. FISIESE OPSET EN MOONTLIKE FUNKSIONERING VAN 'N GEKOMBINEERDE DIENSSENTRUM-KLEUTERSKOOL

Die kombinasie dienssentrum en kleuterskool sal eerstens opvoedingsgerig wees, wat die klem op die opvoeding van die kleuter laat val. Die opvoeding van die kleuter sal die volgende insluit, naamlik:

- Aanleer van basiese vaardighede, byvoorbeeld om tussen kleure te onderskei.
- Aanleer van basiese taalvaardighede.
- Opvoeding rakende persoonlike higiëne.
- Sinvolle vryetydsaktiwiteite.
- Ontwikkeling van die kind se verbeeldingswêreld deur middel van verhale wat deur die bejaarde voorgelees kan word.
- Musiekspele, byvoorbeeld samesang tussen die bejaardes en kleuters of selfs die kleuters alleen wat vir die bejaardes kan konsert hou.
- Interpersoonlike ontwikkeling.
- Verbreding van die kleuter se ontwikkelingswêreld deur hom bewus te maak van die bestaan van bejaardes, sodat die kinders besef dat die aardse bestaan wel 'n einde het en so gewoon kan raak aan die dood, aangesien bejaardes noodgedwonge sal afsterf.

'n Tweede fokus van die kombinasie dienssentrum en kleuterskool sal egter die bejaardes wees, wat soos volg sal funksioneer:

- Bejaardes sal in skofte roteer, om uitputting vanweë die kleuters se aard om energiek en aktief te wees, grootliks uit te skakel. Die skofte kan ingedeel word volgens tye voor tee en na tee (byvoorbeeld).
- Bejaardes sal op 'n meer vrywillige basis formeel betrek word, om te verseker dat die belange van elke individuele bejaarde eerste gestel word.
- Die kleuterskoolonderwyseres op haar beurt sal egter steeds haar rol as opvoeder vertolk, maar in geval van die kombinasie dienssentrum en kleuterskool ondersteun word deur die bejaardes, wat die volgende kan behels, naamlik:
 - Die voorlees van stories aan die kleuters.
 - Deelname aan gesamentlike aktiwiteite, byvoorbeeld samesang met die kleuters.
 - Repetisies vir 'n moontlike konsert in die gemeenskap, met die oog op bewusmaking en ook verhoogde belangstelling en betrokkenheid van die gemeenskap.
 - Leidinggewing aan kleuters in geval van struikelblokke in die weg na die bemeestering van vaardighede byvoorbeeld sny.
 - Informele interaksie met die kleuters tot voordeel van beide partye.

Derdens sal die maatskaplike werker fokus op die volgende:

- Optimale funksionering van die bejaarde en kleuter, asook in 'n mindere mate die personeel betrokke by die kombinasie dienssentrum en kleuterskool.

- Keuring van belagstellende bejaardes, om die kleuter se veiligheid en optimale opvoeding te verseker.
- Identifisering van deprivasie en ander soortgelyke probleme by die kleuter.
- Aanbied van gerigte kursusse aan beide die bejaarde en kleuter, soos byvoorbeeld die aanvaarding van die afsterwe van 'n geliefde of vriend; persoonlikheidstoetse; konflikhantering.

6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gefokus op die implementeringsmoontlikheid van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, rakende die personeelstruktuur; befondsing en ander praktiese aangeleenthede. Dit het geblyk, dat die organisasie deur 'n beheerraad bestuur sal kan word, waaronder voltydse en ook deeltydse personeel sal kan funksioneer. Die maatskaplike werker sal hoofsaaklik fokus op optimale maatskaplike funksionering van die bejaarde en ook die kleuter in geval van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, deur hoofsaaklik van primêre intervensie gebruik te maak om die bejaardes vir so lank moontlik in die gemeenskap te hou. Die belangrikste rolle van die maatskaplike werker in so 'n organisasie blyk die volgende te wees, naamlik die rol van deskundige, gids, ondersteuner, instaatsteller. Die bronne van befondsing blyk borge, subsidie en ook fondsinsamelingsprojekte te wees. Laastens is gefokus op die fisiese funksionering van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

In die laaste hoofstuk sal 'n samevatting van die ondersoek gegee word, waarna die gevolgtrekkings, aanbevelings en 'n slotopmerking gegee sal word.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. INLEIDING

In hierdie navorsingswerkstuk is die behoefte aan 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool ondersoek. Daar gaan laastens in hierdie slothoofstuk tot sekere gevolgtrekkings gekom word en aanbevelings sal gedoen word, rakende die navorsing wat onderneem is.

Daar sal kortliks gefokus word op:

- 'n samevatting van die ondersoek
- gevolgtrekkings;
- aanbevelings; en 'n
- slotopmerking.

2. SAMEVATTING VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoeker het van die opname prosedure gebruik gemaak, om die moontlikheid vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek en sodoende is genoegsame inligting verkry oor die onderwerp wat bestudeer is. In hierdie studie is gevind dat sommige bejaardes voel dat hulle nie 'n funksie verrig nie en gevolglik 'n las vir die samelewing is, terwyl die gemeenskap aan die ander kant redelik apaties en soms krities teenoor die ouer persone in ons samelewing staan. Die meerderheid lede van die dienssentrum, wat betrek is in hierdie ondersoek was huishulpe, waarna onderwys die hoogste punt

behaal het. Die hoofrede vir voortgesette beroepsbeoefening blyk uit die ondersoek 'n ekstra inkomste te wees.

Daar is deur die ondersoeker vasgestel dat kleuters 'n behoefte aan meer gereelde kontak met grootouers verlang, om volkome te kan sosialiseer met die grootouer. Beide die bejaardes as kleuters het positief gereageer op die bejaardes se betrokkenheid by die kleuterskool. Die kleuters het gemeld, dat hulle ondersteuning van die bejaardes in uitvoer van take sal verlang. Wedersydse behoeftebevrediging tussen die bejaardes en kleuters sal volgens die ondersoek deur middel van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool moontlik gemaak word, naamlik die behoefte van beide die bejaarde en kleuter aan meer gereelde kontak met mekaar en die bejaarde se behoefte aan voortgesette beroepsbeoefening en die kleuter se behoefte aan meer individuele aandag. Gesamentlike aktiwiteite wat deur die bejaardes en kleuters onderneem kan word is volgens die ondersoek veral musiek maak; op uitstappies gaan; boeke lees; bejaardes kyk hoe kinders buite speel; prente maak en naaldwerk of houtwerk.

Die belangrikste nadele van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool wat uit die ondersoek blyk is veeleisendheid van kleuters vir bejaardes en trauma vir die kleuter in geval van afsterwe van die bejaardes. Die nadele word egter totaal oorskadu deur die voordele wat die gekombineerde dienssentrum-kleuterskool vir beide groepe kan bied, naamlik 'n ekstra inkomste en beroepsbeoefening; bevordering van interpersoonlike verhoudings; betrokkenheid in die gemeenskap; persoonlike verryking en 'n verhoogde selfbeeld en eie waarde by die bejaardes.

Daar is deur die ondersoeker vasgestel dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool deur 'n beheerraad bestuur sal kan word, waaronder voltydse en ook deeltydse personeel sal kan funksioneer. Die maatskaplike werker sal hoofsaaklik fokus op optimale maatskaplike funksionering van die bejaarde en ook die kleuter deur grootliks primêre intervensie veral as deskundige, gids, ondersteuner en instaatsteller. Die bronne van befondsing blyk borge, subsidie en ook fondsinsamelingsprojekte te wees.

3. GEVOLGTREKKINGS

3.1 EVALUERING VAN DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die oorhoofse doelstelling van die ondersoek was om deur middel van doelgerigte en wetenskaplike maatskaplikewerknavorsing, ondersoek in te stel na die behoefte vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool en hoedanig dit prakties uitvoerbaar is. Die navorsingsdoelstelling is suksesvol bereik en die evaluering van hierdie navorsingsdoelstelling sal vervolgens aan die hand van die verskillende doelwitte wat nagestreef is om die doelstelling te kon bereik, gedoen word.

- Die eerste doelwit was om die kenmerke en behoeftes van bejaardes en kleuters met die oog op 'n moontlike gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te bepaal.
- Daar is vasgestel, dat die meerderheid lede van die dienssentrum huishulpe was, waarna onderwys die hoogste punt behaal het. Die hoofrede vir voortgesette beroepsbeoefening blyk uit die ondersoek 'n ekstra inkomste te wees. Die belangrikste behoeftes van bejaardes wat uit die ondersoek na vore gekom het, is die behoefte aan kontak met mense en in die besonder met kinders, asook die behoefte aan 'n ekstra inkomste en beroepsbeoefening. Dit word in hoofstuk 2 uiteengesit.
- Die literatuur het aangesluit by dit wat by Promosa dienssentrum bevind is, naamlik dat bejaardes voel dat hulle nie 'n funksie verrig nie en gevolglik 'n las vir die samelewing is, terwyl die gemeenskap aan die ander kant redelik apaties en soms krities teenoor die ouer persone in ons samelewing staan. Bejaardes beskik egter ook oor die potensiaal om lewensondervinding en vaardighede aan kleinkinders oor te dra. Dit word in hoofstuk 2 uiteengesit.

- Daar is gevind dat kleuters positief ten opsigte van die daaglikse teenwoordigheid van bejaardes by die kleuterskool is. Die kleuters het gemeld, dat hulle ondersteuning van die bejaardes in uitvoer van take sal verlang. Dit word in hoofstuk 3 uiteengesit.
- Die literatuur het aangesluit by die bevindinge voortspruitend uit die ondersoek, aangesien kinders gereelde kontak met grootouers verlang, om volkome te kan sosialiseer met die grootouer. Kleuters het dus 'n behoefte daaraan om meer gereeld in kontak met bejaardes te kom. Dit word in hoofstuk 3 uiteengesit.
- Die tweede doelwit was om die oorvleuelende behoeftes, kenmerke en potensiaal van kleuters en bejaardes na te vors
- Daar is bevind dat wedersydse behoeftebevrediging tussen die bejaardes en kleuters deur middel van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool moontlik gemaak sal kan word. Beide die bejaardes en kleuters het eerstens 'n behoefte aan meer gereelde kontak met mekaar. Daar is ook bevind dat bejaardes 'n behoefte het aan voortgesette beroepsbeoefening en 'n ekstra inkomste, terwyl die kleuters 'n behoefte aan meer individuele aandag verlang. Dit word in hoofstuk 4 uiteengesit.
- Die literatuur het by die bevindinge aansluiting gevind, aangesien bejaardes oor die vermoë beskik om vaardighede en ervaring aan kinders oor te dra, terwyl kinders 'n behoefte het aan ondersteuning. Dit word in hoofstuk 4 uiteengesit.
- Die derde doelwit was om die implementeringsmoontlikhede van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool na aanleiding van die bejaardes en kleuters se standpunte te ondersoek.
- Daar is bevind, dat bejaardes en kleuters wedersydse belangstelling in mekaar toon. Die maak van prente as gesamentlike aktiwiteit deur die

bejaardes en kleuters het geblyk uit die ondersoek. Die voordele voortspruitend uit 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool was onder meer persoonlike verryking, terwyl uitputtendheid van beide die bejaardes en kleuters as nadeel geïdentifiseer is deur die respondente. Die bejaardes en kleuters se ingesteldheid teenoor 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool is positief, wat volgens die ondersoeker implementering moontlik kan maak. Dit word in hoofstuk 5 uiteengesit.

- Die vierde en laaste doelwit van die ondersoek was om die personeelstruktuur, befondsing en ander praktiese aangeleenthede om sodanige projek te kan implementeer te ondersoek.
- Daar is bevind, dat die organisasie deur 'n beheerraad bestuur sal kan word, waaronder voltydse en ook deeltydse personeel sal kan funksioneer. Dit word in hoofstuk 6 uiteengesit.
- Die hoofdoel van die maatskaplike werker in 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, sal optimale maatskaplike funksionering van beide bejaardes en kleuters wees.
- Die maatskaplike werker het ook na aanleiding van die ondersoek 'n definitiewe plek in kleuterskole, aangesien kleuters maatskaplike probleme ondervind waaraan min tot geen daadwerklike pogings aangewend word nie, vanweë hoë gevalleladings van welsynsorganisasies. Dit word in hoofstuk 3 en 6 uiteengesit.
- Moontlike borge of 'n staatsubsidie sal aangevra kan word vir die implementering van so 'n projek. Alternatiewelik kan daar so ver moontlik van bestaande fasiliteite gebruik gemaak word, om befondsing van so 'n projek te minimaliseer. Dit word in hoofstuk 6 uiteengesit.

3.2 EVALUERING VAN DIE METODES VAN ONDERSOEK

Om die doel van die ondersoek te bereik, is gebruik gemaak van 'n literatuurstudie en opname prosedure gebruik gemaak. Die metodes van ondersoek is suksesvol aangewend om die doelstelling van die ondersoek te kon bereik. Die evaluasie van die metodes sal vervolgens aan die hand van die twee metodes gedoen word.

- Literatuurstudie

Daar bestaan 'n verskeidenheid bronne rakende die behoeftes en kenmerke van bejaardes, asook die behoeftes en kenmerke van kleuters. Geen literatuur wat betrekking het op die ooreenkomstige behoeftes en kenmerke van kleuters en bejaardes kon gevind word nie. Ten einde die ooreenkomste te kon vasstel, is literatuur van aanverwante vakterreine gebruik, byvoorbeeld sielkunde en preprimêre onderwys.

- Opname prosedure

Die doel van die prosedure is om inligting te bekom (Strydom, 1994:43). Empiriese bevindinge word regdeur die navorsingswerkstuk met literatuur geïntegreer.

• Persoonlike onderhoude met bejaardes en kleuters

Persoonlike onderhoude is met bejaardes en kleuters gevoer, aan die hand van 'n spesifieke skedule deur die ondersoeker, om die moontlikheid vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek. Dit word in hoofstuk 2,3 en 5 weergegee.

- Persoonlike onderhoude met deskundiges

Ten einde die ondersoek skerper te omlin en waardevolle inligting rakende tegniese en praktiese aspekte van die beplande ondersoek te verkry, is gebruik gemaak van die ervaring van deskundiges. Persoonlike onderhoude met die deskundiges was informeel van aard en nie aan die hand van 'n spesifieke skedule nie.

- Meetinstrumente

Skedules aan beide kleuterskole en dienssentra, asook persoonlike onderhoude en 'n vooronderzoek wat gedurende 1997 as vereistes vir die BA (MW)-graad onderneem is, is gebruik. Sekere aanpassings is aan die oorspronklike meetinstrument aangebring. Die vrae vanuit die skedule is verskillend geformuleer om die mate van betroubaarheid van die kleuter as inligtingsbron te kon verhoog. Die meetinstrument is deur die ondersoeker geëvalueer om te kon verseker dat die totale spektrum van die probleem wat ondersoek is gedek is en ook dat alle relevante vrae daarin opgeneem is.

- Dataverwerking

Dataverwerking is kwalitatief en ook kwantitatief van aard. Die data is kwalitatief, aangesien dit ingesamel word deur die ondersoeker self en in die vorm van woorde weergegee word. Die data is kwantitatief van aard, aangesien dit ook in die vorm van syfers weergegee word. Die data word statisties weergegee in tabelvorm en ook grafiese voorstelling. Dataverwerking is deur die ondersoeker self behartig.

3.3 EVALUERING VAN DIE HIPOTESE VAN DIE ONDERSOEK

Die basiese hipotese, soos in hoofstuk 1 saamgevat, is implementering van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, behoort beide bejaardes en kleuters te bevoordeel.

- Met die ondersoek is gevind dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool moontlik die volgende voordele sal inhou vir bejaardes naamlik, 'n ekstra inkomste en beroepsbeoefening; bevordering van interpersoonlike verhoudings; persoonlike verryking; 'n verhoogde selfbeeld en eie waarde en betrokkenheid in die gemeenskap. Dit word in hoofstuk 5 uiteengesit.
- Die belangrikste voordeel voortspruitend uit die ondersoek, wat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool vir kleuters sal inhou, is individuele aandag, aangesien bejaardes die vermoë het om vaardighede en ervaring aan kinders oor te dra. Dit word in hoofstuk 5 uiteengesit.
- Dit is ook bewys, dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool die enkele nadele kan inhou soos 'n traumatiese ervaring vir kleuters in geval van afsterwe van die bejaardes; veeleisendheid van kleuters vir bejaardes; vae rolverwagtings; 'n kommunikasiegaping tussen bejaardes en kleuters en ook die vrees vir verandering waarmee beide bejaardes en kleuters gekonfronteer sal word. Die voordele van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool oorskadu die nadele totaal en kan die hipotese dus as korrek bewys word, naamlik dat 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool beide bejaardes en kleuters behoort te bevoordeel.

4. AANBEVELINGS

Aangesien die ondersoek hoofsaaklik verkennend van aard was en dus onder andere generering van hipoteses ten doel het, word die aanbevelings in hipotese vorm weergegee (De Vos *et al.*, 1998:57-60). Voortspruitend uit die gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen:

- Meer klem moet gelê word op die voortgesette beroepsbeoefening by bejaardes, deur te fokus op volgehoue onafhanklikheid van die bejaarde deur middel van betrokkenheid by 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

- Die gemeenskap moet bewus gemaak word van die moontlikheid vir 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Daar moet veral gefokus word op die voordele vir beide die bejaardes, kleuters, ouers van kleuters en algemene voordele wat 'n so 'n organisasie sal inhou. Die verkreeë resultate kan voorgehou word as verdere motivering van die gemeenskap.
- Die gemeenskap moet betrokke raak in die poging om sodanige projek te implementeer, aangesien fondse hoofsaaklik uit die gemeenskap sal kom. Daar sal veral op die koste-effektiwiteit van sodanige projek gefokus moet word, om betrokkenheid te verseker.
- Belangstellende bejaardes sal onderwerp moet word aan 'n streng keuringsprogram, opgestel deur 'n maatskaplike werker in samewerking met ander lede van die beheerraad van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Seksuele en ook ander misdrywe deur bejaardes, wat die kleuter direk sal benadeel kan op hierdie manier grootliks voorkom word.
- Daar moet gefokus word op die ooreenkomste tussen die behoeftes en kenmerke van bejaardes en kleuters, deur na die bevindinge te verwys. Die wedersydse behoeftebevrediging vir beide die bejaardes en kleuters indien 'n dienssentrum en kleuterskool gekombineer sou word, moet beklemtoon word.
- Die voordele en ook nadele voortspruitend uit die ondersoek wat onderneem is, moet voorgelê word aan die gemeenskap en ook ander belanghebbendes wat implementering moontlik kan maak.
- Die implementeringsmoontlikhede van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool moet aan die gemeenskap voorgehou word. Die fokus moet veral val op die bejaardes en kleuters se standpunte, voortspruitend uit die ondersoek.

- Die gemeenskap moet egter ook bewus gemaak word van die implementeringsmoontlikhede van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool, betreffende die personeelstruktuur, befondsing en ander praktiese aangeleenthede.
- Daar sal beslis 'n in diepte studie gedoen moet word, ten einde die praktiese implementering van sodanige projek moontlik te maak, veral die finansiële aspek rondom 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool.

5. SLOTOPMERKING

Die ondersoeker is van mening dat die navorsing suksesvol was. Die doelstelling en gestelde doelwitte is bereik. Die metode van ondersoek was suksesvol en die basiese hipotese is korrek bewys. Wat duidelik uit die navorsing na vore gekom het, is dat verdere navorsing oor hierdie onderwerp nodig is, ten einde van sodanige projek implementering moontlik te maak. Daar moet meer klem gelê word op die praktiese implementering van so 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Daar bestaan 'n behoefte aan meer kontak tussen bejaardes en kleuters, wat deur middel van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool moontlik gemaak sal word. Die essensie van die ondersoek was volgens die ondersoeker, dat die bejaardes oor die potensiaal beskik om ervaring en vaardighede aan kinders oor te dra, terwyl kleuters 'n behoefte aan meer individuele aandag ondervind. Daar bestaan 'n besliste behoefte aan 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool en is in die empiriese ondersoek bevestig, aangesien beide bejaardes en kleuters 'n positiewe houding teenoor 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool geopenbaar het en bejaardes meer onafhanklik sal kan funksioneer deur middel van 'n ekstra inkomste wat deur middel van hulle betrokkenheid gegenereer kan word. Benewens die houding van bejaardes en kleuters, kan dit ook 'n koste-effektiewe projek wees wat die bepaalde gemeenskap as sodanig sal bevoordeel.

BIBLIOGRAFIE

AIKEN, L.R. 1995. Aging: an introduction to gerontology. Calif: SAGE. 469p.

ANON. 1996. Toddlers. [Besikbaar op Internet:]
<http://www.brighthorizons.com/toddlers.html> [Datum van gebruik: Jul. 9].

ANON. 1998. Latest news in geriatric medicine: daily activities help older persons maintain their strength. **Geriatrics**, 53(2):15, Feb.

ATCHLEY, R.C. 1987. Aging: continuity and change. 2nded. Calif: Wadsworth. 324p.

BASS, S.A. ed. 1995. Older and active: how Americans over 55 are contributing to society. USA: Book Crafters. 297p.

BEAVER, M.L. & MILLER, D.A. eds. 1992. Clinical social work practice with the elderly: primary, secondary, and tertiary intervention. 2nded. Calif: Wadsworth. 414p.

BLAND, R. ed. 1996. Developing services for older people and their families. London: Jessica Kingsley Pub. 214p.

BOND, J., COLEMAN, P. & PEACE, S. eds. 1994. Ageing in society: an introduction to social gerontology. London: SAGE. 350p.

BROWN, M. & CANCA, N. 1995. Services for ageing persons in the new South Africa: in care and in the community. **The social work practitioner-researcher**, 8(4):259-267, Des.

COMPTON, B.R. & GALLAWAY, B. 1994. Social work processes. Pacific Grove, Calif: Brooks & Cole. 529p.

COX, C. 1993. The frail elderly: Problems, needs, and community responses. USA: Greenwood. 176p.

COX, E.O. & PARSONS, R.J. 1994. Empowerment oriented social work: Practice with the elderly. Pacific Grove: Brooks/Cole. 131p.

COX, H. 1984. Later life: the realities of aging. Englewood Cliffs, N.J.:Prentice-Hall. 184p.

DE GAULLE, C. 1987. Crisis in the making: old-age provision. **Financial mail**, 105(11):34-36, Sep.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., POGGENPOEL, M., SCHURINK, E & SCHURINK, W. 1998. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: J.L. Van Schik. 436p.

DRESCHER, J. 1991. Wat jou kind die nodigste het. Kaapstad: Tafelberg. 110p.

DROR, E., KATONA, M & MUNGUR, K. 1998. Age differences in decision making: to take a risk or not? **Gerontology**, 44(2):67, Oct.

ECKLEY, S. 1989. Probleme van en moontlikhede vir die bejaarde: (In Vensters vir bejaardes. Potchefstroom: PU vir CHO. 6-11p.)

EMMETT, K.R. 1998. Nonspecific and atypical presentation of disease in the older patient. **Geriatrics**, 53(2):57, Feb.

ERIKSON, E.H., ERIKSON, J.M. & KIVNICK, H.Q. 1994. Vital involvement in old age. London: Norton. 344p.

GRINNELL, R.M. & WILLIAMS, M. 1990. Research in social work: a primer. Itasca. 321p.

GRINNELL, R.M. 1993. Social work research and evaluation. 4thed. Itasca. 468p.

GUTHRIE, H.A. 1989. Introductory nutrition. 7th ed. USA: Times Mirror/Mosby College Publishing. 613p.

HELBURG, K. 1989. Voorbereiding op bejaardheid begin al vroeg. (In Vensters vir bejaardes. Potchefstroom: PU vir CHO. 24p.)

JEFFERYS, M. ed. 1991. Growing old in the twentieth century. London: Routledge. 116p.

JERROME, D. ed. 1983. Ageing in modern society. Great Britain: St. Martin's Press. 116p.

KERMIS, M.D. 1984. The psychology of human aging: theory, research and practice. USA: Allyn and Bacon. 393p.

KNEPSCHELD, E. 1997. 'n Ondersoek na die behoefte vir 'n kombinasie dienssentrum en kleuterskool in Potchefstroom. Potchefstroom: PU vir CHO. 99p.

KOHUT, S., KOHUT, J.J. & FLEISHMAN, J.J. 1983. Reality orientation for the elderly. 2nded. USA: Medical economics company. 136p.

- LOUW, D.A. 1991. Menslike ontwikkeling. Pretoria: HAUM. 668p.
- MARLOW, C. 1993. Research for generalist social work. Pacific Grove, Calif: Brooks & Cole. 330p.
- MARSHALL, M. 1990. Social work with old people. 2nded. London: The Macmillan Press. 136p.
- NEL, C. 1997. Mondelinge mededeling deur kleuterskoolonderwyseres van Asjas kleuterskool.
- NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 3rded. USA: Allyn & Bacon. 560p.
- NIEUWOUDT, A. & HUGO, M.L. 1988. Ontspanningstendense en -behoefte van blanke bejaardes in die Oranje-Vrystaat. Potchefstroom: PU vir CHO. 81p.
- NUSSBAUM, J.F. & COUPLAND, J. eds. 1995. Handbook of communication and aging research. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates. 517p.
- ODENDAL, F.F. red. 1984. Verklarende handwoordeboek vir die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor. 1378p.
- PARKER, S. 1982. Work and retirement. London: George Allen & Unwin. 203p.
- PETERSEN, E. 1995. Conflicts with grandparents. [Beskikbaar op Internet:] <http://www.tnpc.com/parentalk/toddlers/todd23.html> [Datum van gebruik: Jul. 9].
- PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, C.A. 1979. Psigologie woordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill. 484p.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, C.A. 1987. *Psigologie woordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill. 484p.

PORTER, C.P. 1983. *Terapie met die sorgbehoewende kind*. UP: Pretoria. (Proefskrif-DPhil.)

PRINGLE, M.K. 1993. *The needs of children*. 3rd ed. London: Routledge. 191p.

ROYSE, D. 1995. *Research methods in social work*. 2nded. USA: Nelson-Hall. 357p.

SAFFORD, F. & KRELL, G.I. 1992. *Gerontology for health professionals: A practice guide*. USA: NASW.

SMIT, J. 1994. Heenkome vir bejaardes in veranderde SA: nuwe planne. **Die Kerkbode**, 154(13):9, Sept.

SMYTH, T. 1992. *Caring for older people: creative approaches to good practice*. London: Macmillan. 154p.

STEPHENS, B. 1994. *An Exploratory survey of the needs and adjustment to retirement of persons residing in Port Alfred*. Kaapstad: Rhodes University. (Thesis-M.A.) 120p.

STOKES, G. 1992. *On being old: the psychology of later life*. London: Falmer. 195p.

STRYDOM, H. 1989. Feite en vrese ten opsigte van veroudering. (In *Vensters vir bejaardes*. Potchefstroom: PU vir CHO. 18-23p.)

STRYDOM, H. 1993. Gerontologie: 'n Maatskaplike werk-perspektief.

Potchefstroom: PU vir CHO. 39p. (Studiegids S168/92.)

STRYDOM, H. 1994. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO. 190p. (Diktaat D172/94.)

STUTTERHEIM, E. 1994. Kindgesentreerde maatskaplikewerk-dienslewering. Potchefstroom: PU vir CHO. 72p. (Diktaat.)

STUTTERHEIM, E. 1995. Statutêre maatskaplikewerk-dienslewering. Potchefstroom: PU vir CHO. 97p. (Diktaat.)

SWANEPOEL, P. 1990. Gedragsprobleme by kleuters. Pretoria: UP. [Verhandeling-MEd(Psig).] 77p.

TALJAARD, C. 1996. Die benutting van die geselskapsdier by kontakmaking as tegniek in spelterapie. Pretoria: UP. (Verhandeling-M.A.) 76p.

TALJAARD, R. 1989. Die verhouding tussen grootouers en kleinkinders in dieselfde huishouding. (In Vensters vir bejaardes. Potchefstroom: PU vir CHO. 54-58p.)

THERON, D. 1995. Bejaardes: Wie moet sorg? **Die Voorligter**, 60(10):18-19, Okt.

THURSZ, D., NUSBERG, C. & PRATHER, J. eds. 1995. Empowering older people: an internasional approach. London: Cassell. 219p.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Nuwe woordeboek vir Maatskaplike Werk. Kaapstad. CTP Book Printers. 72p.

VAN DER LINDE, H.W.G. 1996. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Bejaardes: Jaarverslag. Kaapstad. p.

VAN DER MERWE. 1989. Die ouderdom: 'n Netelige saak. (In Vensters vir bejaardes. Potchefstroom: PU vir CHO. 12-17p.)

VAN ROOYEN, I.J.J. & COMBRINK, M.J. 1990. Gevallewerk: 'n integrerende benadering. Pretoria: Academica. 317p.

WALKER, A.R.P. & WALKER, B.F. 1993. Can the disabilities of old age be combated? **Journal of dietetics and home economics**, 21(10):20-25.

WICHT, C.L. 1984. Die bejaarde en sy kwale. Pretoria: HAUM. 374p.

YEGIDIS, B.L & WEINBACH, R.W. 1996. Research methods for social workers. 2nded. USA: Allyn & Bacon. 271p.

YORK, R.O. 1997. Building basic competencies in social work research: an experiential approach. USA: Allyn & Bacon. 373p.

ZIV, L. 1988. Improving the quality of life in old age. **Nursing RSA**, 3(5):4-7, May.

BYLAE A

VOORONDERSOEK:

Skedule aan die hand waarvan opname prosedure onderneem is om die moontlikheid van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek.

(Onderhoude gevoer met bejaardes verbonde aan die Potchefstroomse Dienssentrum vir bejaardes.)

AFDELING A: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

1. Huwelikstaat:

Ongetroud	Getroud	Geskei	Wewenaar	Weduwee
-----------	---------	--------	----------	---------

2. Geslag:

Manlik	Vroulik
--------	---------

3. Ouderdom:

60-69	70-79	80 +
-------	-------	------

4. Watter beroep het u beoefen?

.....

AFDELING B: PERSOONLIKHEIDSFAKTORE

5. Is u in staat om die Dienssentrum gereeld te besoek? (gesond genoeg)

Ja	Nee
----	-----

6. Merk u opinie op die volgende skaal van een tot vyf ?

6.1 Sien ander u as

Nutteloos	Waardevol
-----------	-----------

6.2 Is u dikwels

Gespanne	Ontspanne
----------	-----------

6.3 Hou u meer van

Onbekende	Bekende
-----------	---------

6.4 Hou u meer van

Alleen wees	Tussen Mense
----------------	-----------------

6.5 Voel u dikwels

Eensaam	Betrokke
---------	----------

6.6 Hoe sien u u eie lewenstyl

Aktief	Vervelig
--------	----------

AFDELING C: BEHOEFTE

7. Bespreek die behoeftes van bejaardes in Potchefstroom ?

.....

.....

.....

8. Rangskik die volgende vyf behoeftes in volgorde van belangrikheid ?
(5=Belangrikste; 1=Onbelangrikste)

8.1 Kontak met kinders in die algemeen	
8.2 Verhoogde bydrae in gemeenskap	
8.3 Ekstra inkomste en beroepsbeoefening	
8.4 Selfstandigheid, sekuriteit en eie identiteit	
8.5 Aanvaarding	

**AFDELING D: HOUDING TEENoor
KINDERS**

9. Kom u met kinders onder ses jaar in aanraking ?

Gereeld	Soms	Selde	Nooit
---------	------	-------	-------

10. Hou u van kleuters ?

Ja	Nee
----	-----

11. Motiveer hoekom ?

.....	
.....	
.....	

AFDELING E: KOMBINASIE DIENSSENTRUM EN KLEUTERSKOOL

12. Wat dink u van 'n kombinasie Dienssentrum en Kleuterskool ?

.....

.....

.....

13. Rangskik die volgende vyf voordele van 'n kombinasie Dienssentrum en Kleuterskool in volgorde van belangrikheid ?
(5=Belangrikste; 1=Onbelangrikste)

13.1 Persoonlike verryking

13.2 Betrokkenheid in gemeenskap

13.3 Verhoogde selfbeeld en eie waarde

13.4 Ekstra inkomste en beroepsbeoefening

13.5 Bevordering van interpersoonlike verhoudings

14. Rangskik die volgende vyf nadele van 'n kombinasie Dienssentrum en Kleuterskool in volgorde van belangrikheid ?
(5=Belangrikste; 1=Onbelangrikste)

14.1 Veeleisendheid van kleuters

14.2 Bang vir verandering

14.3 Kommunikasiegaping

14.4 Vae rolverwagtings

14.5 Traumatiese ervaring na afsterwe van die bejaarde vir 'n kleuter

15. Opmerkings of aanbevelings ?

.....

.....

.....

Me. Elzani Knepscheld
Navorser

BYLAE B

VOORONDERSOEK:

Skedule aan die hand waarvan opname prosedure onderneem is om die moontlikheid van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek.

(Onderhoude gevoer met kleuters verbonde aan Asjas Kleuterskool Potchefstroom.)

AFDELING A: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

1. Ouderdom:

Vyf	Ses
-----	-----

2. Geslag:

Manlik	Vroulik
--------	---------

AFDELING B: INGESTELDHEID TEENOOR KLEUTERSKOOL

3. Kom jy elke dag Kleuterskool toe ?

Ja	Nee
----	-----

4. Is dit vir jou lekker by die Kleuterskool ?

Ja	Nee
----	-----

5. Wat doen julle alles by die Kleuterskool ?

.....

.....

.....

6. Help jou juffrou jou as jy sukkel (bv. om te sny ?)

Ja	Nee
----	-----

AFDELING C: BEHOEFTE

7. Sal jy daarvan hou om jou eie of 'n ander ouma of oupa meer te sien ?

Ja	Nee
----	-----

8. Sal dit vir jou lekker wees as jou eie of 'n ander ouma of oupa saam met jou kleuterskool toe kom ?

Ja	Nee
----	-----

9. Sal dit vir jou lekker wees as jou eie of 'n ander ouma of oupa jou help as jy sukkel om te sny of te plak by die skool ?

Ja	Nee
----	-----

10. Sal dit vir jou lekker wees as jou eie of 'n ander ouma of oupa elke dag saam met jou skool toe kom ?

Ja	Nee
----	-----

11. Wat wil jy hê moet hulle nog vir jou doen by die skool ?

.....

.....

**AFDELING D: HOUDING TEENOOR
BEJAARDES**

12. Het jy 'n ouma of 'n oupa ?

Ja	Nee
----	-----

13. Sien jy jou ouma of oupa ?

Baie	Min	Nooit
------	-----	-------

14. Hou jy van jou ouma of oupa ?

Baie	Bietjie	Niks
------	---------	------

15. Hoekom ?

.....
.....

16. Bederf sy/hy/hulle jou ?

Baie	Bietjie	Niks
------	---------	------

17. Hoekom ?

.....
.....

**AFDELING E: KOMBINASIE DIENSSENTRUM
EN KLEUTERSKOOL**

18. Sal dit vir jou lekker wees as ou mense saam met julle Kleuterskool toe kom ?

Ja	Nee
----	-----

19. Hoekom ?

.....
.....

20. Wat kan julle saam doen ?

.....

.....

Me. Elzani Knepscheld
Navorser

BYLAE C

HOOFONDERSOEK:

Skedule aan die hand waarvan opname prosedure onderneem is om die moontlikheid van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek.

(Onderhoude gevoer met bejaardes verbonde aan die Promosa Dienssentrum vir bejaardes in Potchefstroom.)

AFDELING A: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

1. Huwelikstaat:

Ongetroud	Getroud	Geskei	Wewenaar	Weduwee
-----------	---------	--------	----------	---------

2. Geslag:

Manlik	Vroulik
--------	---------

3. Ouderdom:

60-69	70-79	80 +
-------	-------	------

4. Waier beroep het u beoefen?

.....

AFDELING B: PERSOONLIKHEIDS- FAKTORE

5. Hoe gereeld besoek u die Dienssentrum?

Daaglik	Weeklik	Maandelik
---------	---------	-----------

6. Merk u opinie op die volgende skaal van een tot vyf ?

6.1 Sien ander u as

Nutteloos	1	2	3	4	5	Waardevol
-----------	---	---	---	---	---	-----------

6.2 Is u dikwels

Gespanne	1	2	3	4	5	Ontspanne
----------	---	---	---	---	---	-----------

6.3 Hou u meer van die

Onbekende	1	2	3	4	5	Bekende
-----------	---	---	---	---	---	---------

6.4 Hou u meer van

Alleen Wees	1	2	3	4	5	Tussen Mense
----------------	---	---	---	---	---	-----------------

6.5 Voel u dikwels

Eensaam	1	2	3	4	5	Betrokke
---------	---	---	---	---	---	----------

6.6 Hoe sien u u eie lewenstyl

Aktief	1	2	3	4	5	Passief
--------	---	---	---	---	---	---------

AFDELING C: BEHOEFTE

7. Bespreek die behoeftes van bejaardes in die algemeen ?

.....

.....

.....

8. Rangskik die volgende vyf behoeftes in volgorde van belangrikheid ?
(5=Belangrikste; 1=Onbelangrikste)

8.1 Kontak met kinders in die algemeen	
8.2 Verhoogde bydrae in gemeenskap	
8.3 Ekstra inkomste en beroepsbeoefening	
8.4 Selfstandigheid, sekuriteit en eie identiteit	
8.5 Aanvaarding	

AFDELING D: HOUDING TEENOOR KINDERS

9. Kom u met kinders onder ses jaar in aanraking ?

Gereeld	Soms	Selde	Nooit
---------	------	-------	-------

10. Hou u van kleuters ?

Ja	Onseker	Nee
----	---------	-----

11. Motiveer hoekom ?

.....	
.....	
.....	

**AFDELING E: KOMBINASIE DIENSSENTRUM
EN KLEUTERSKOOL**

12. Wat dink u daarvan dat 'n Dienssentrum en Kleuterskool op dieselfde terrein funksioneer ?

.....

.....

.....

13. Wat dink u kan kleuters en bejaardes saam doen ?

.....

.....

.....

14. Sal u die volgende aktiwiteite kan saamdoen?
(1=Ja; 2=Onseker; 3=Nee)

14.1 Musiek maak

1	2	3
---	---	---

14.2 Op uitstappies gaan

1	2	3
---	---	---

14.3 Boeke lees

1	2	3
---	---	---

14.4 Kyk hoe kleuters buite speel

1	2	3
---	---	---

14.5 Prente maak

1	2	3
---	---	---

14.6 Houtwerk of naaldwerk doen

1	2	3
---	---	---

15. Rangskik die volgende vyf voordele van 'n kombinasie Dienssentrum en Kleuterskool in volgorde van belangrikheid ?
(5=Belangrikste; 1=Onbelangrikste)

15.1 Persoonlike verryking

--

15.2 Betrokkenheid in gemeenskap

--

15.3 Verhoogde selfbeeld en eie waarde

--

15.4 Ekstra inkomste en beroepsbeoefening

--

15.5 Bevordering van interpersoonlike verhoudings

--

16. Rangskik die volgende vyf nadele van 'n kombinasie Dienssentrum en Kleuterskool in volgorde van belangrikheid ?
(5=Belangrikste; 1=Onbelangrikste)

16.1 Veeleisendheid van kleuters

16.2 Bang vir verandering

16.3 Kommunikasiegaping

16.4 Vae rolverwagtings

16.5 Traumatiese ervaring na afsterwe van die bejaarde vir 'n kleuter

17. Opmerkings of aanbevelings ?

.....

.....

.....

18. Waarnemings deur navorser

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Me. Elzani Knepscheid
Navorser

BYLAE D

HOOFONDERSOEK:

Skedule aan die hand waarvan opname prosedure onderneem is om die moontlikheid van 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool te ondersoek.

(Onderhoude gevoer met kleuters verbonde aan 'n kleuterskool in Promosa Potchefstroom.)

AFDELING A: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

1. Ouderdom:

5 jaar	6 jaar
--------	--------

2. Geslag:

Manlik	Vroulik
--------	---------

AFDELING B: INGESTELDHEID TEENOOOR KLEUTERSKOOLO

3. Kom jy elke dag Kleuterskool toe ?

Ja	Nee
----	-----

4. Is dit vir jou lekker by die Kleuterskool ?

Ja	Onseker	Nee
----	---------	-----

5. Wat doen julle alles by die Kleuterskool ?

.....

.....

.....

6. Help jou juffrou jou as jy sukkel (bv. om te sny ?)

Ja	Nee
----	-----

AFDELING C: BEHOEFTE

7. Sal jy daarvan hou om jou eie of 'n ander ouma of oupa meer te sien ?

Beslis	Ja	Onseker	Nee	Beslis nie
--------	----	---------	-----	------------

8. Sal dit vir jou lekker wees as jou eie of 'n ander ouma of oupa saam met jou kleuterskool toe kom ?

Beslis	Ja	Onseker	Nee	Beslis nie
--------	----	---------	-----	------------

9. Sal dit vir jou lekker wees as jou eie of 'n ander ouma of oupa jou help as jy sukkel om te sny of te plak by die skool ?

Beslis	Ja	Onseker	Nee	Beslis nie
--------	----	---------	-----	------------

10. Wat wil jy nog doen by die skool ?

.....

.....

AFDELING D: HOUDING TEENOOR BEJAARDES

11. Het jy 'n ouma of 'n oupa ?

Ja	Nee
----	-----

12. Sien jy jou ouma of oupa ?

Baie	Min	Nooit
------	-----	-------

13. Hou jy van jou ouma of oupa ?

Baie	Bietjie	Geensins
------	---------	----------

14. Hoekom ?

.....

.....

15. Bederf sy/hy/hulle jou ?

Baie	Bietjie	Geensins
------	---------	----------

16. Hoekom ?

.....

.....

AFDELING E: KOMBINASIE DIENSSENTRUM EN KLEUTERSKOOL

17. Sal dit vir jou lekker wees as bejaardes saam met julle Kleuterskool toe kom ?

Ja	Onseker	Nee
----	---------	-----

18. Hoekom ?

.....

.....

19. Sal u die volgende aktiwiteite kan saamdoen:

19.1 Musiek maak

Ja	Onseker	Nee
----	---------	-----

19.2 Op uitstappies gaan

Ja	Onseker	Nee
----	---------	-----

19.3 Boeke lees

Ja	Onseker	Nee
----	---------	-----

19.4 Kyk hoe kleuters buite
speel

Ja	Onseker	Nee
----	---------	-----

19.5 Prente maak

Ja	Onseker	Nee
----	---------	-----

19.6 Houtwerk of naaldwerk
doen

Ja	Onseker	Nee
----	---------	-----

20. Waarnemings deur navorser

.....

.....

.....

.....

.....

Me. Elzani Knepscheld
Navorser